# ASPEKTE VAN DIE PLEK EN TAAK VAN DIE GESIN IN DIE MODERNE SAMELEWING

deur

PETRUS JACOBUS VAN DER SCHYFF

VERHANDELING INGEDIEN TER GEDEELTELIKE NAKOMING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

in die

DEPARTEMENT SOSIOLOGIE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

LEIER : PROF. DR. J.P. VAN DER WALT.

WINDHOEK.

NOVEMBER 1973.

OPGEDRA AAN MY

VROU EN KINDERS.

# V O O R W O O R D

Graag wens ek my opregte dank uit te spreek teenoor:

My vrou, vir haar voortdurende inspirasie en aanmoediging.

My ouers, vir hulle besondere belangstelling.

Prof. dr. J.P. van der Walt vir sy leiding voor en tydens die studie.

Dr. J.E. Kruger vir sy hulp.

Mev. M.E. Opperman, wat in die navorser se plek onderwys gegee het, sodat laasgenoemde die studie kon onderneem.

Die bereidwilligheid van die hoof van die skool, mnr. H.G. Greeff en die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika, wat dit vir my moontlik gemaak het om die studie tydens my verlof aan te pak.

Mevrou H. Müller vir die tik van die verhandeling.

Mnr. Tokkie Schoeman vir die taalkundige versorging.

Verder getuig ek dat ek alleen deur genade daartoe in staat was om die studie te kon doen.

Aan God die eer.

DIE SKRYWER.

********************************

# I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK I

INLEIDING

A. DIE NOODSAAKLIKHEID EN BELANGRIKHEID VAN HIERDIE NAVORSING .................................................. 1

B. OMVANG VAN DIE PROBLEEM ..................................... 3

C. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK EN INDELING VAN DIE STOF IN HOOFSTUKKE ......................................... 7

D. DIE METODE VAN ONDERSOEK ..................................... 9

HOOFSTUK II

DIE PLEK EN FUNKSIE VAN DIE GESIN EN DIE AARD VAN DIE MODERNE SAMELEWING

A. INLEIDING ................................................. 10

B. DIE AARD VAN DIE MODERNE SAMELEWING ....................... 10

C. 'N STRUKTUURANALISE VAN DIE HUISGESIN EN DIE OPVOEDINGSFUNKSIES ........................................ 15

D. DIE EKSTERNE DOELORDENINGSFUNKSIE VAN DIE GESIN ............ 25

E. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING ............................... 28

HOOFSTUK III

DIE INVLOED VAN DIE MODERNE SAMELEWING OP DIE GESIN

A. INLEIDING ................................................. 30

B. DIE INVLOED VAN DIE KERK AS SAMELEWINGSVORM OP DIE GESIN ................................................ 34

C. DIE INVLOED VAN DIE STAAT AS SAMELEWINGSVORM OP DIE GESIN ................................................ 38

D. DIE INVLOED VAN DIE BEDRYF AS SAMELEWINGSVORM OP DIE GESIN ................................................ 43

E. DIE INVLOED VAN DIE SKOOL AS SAMELEWINGSVORM OP DIE HUISGESIN .................................................. 49

F. DIE INVLOED VAN VRYETYD EN ONTSPANNING OP DIE GESIN ........ 55

G. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING ................................. 58

HOOFSTUK IV

DIE OORGANG VAN GEMEENSKAPSVERHOUDINGE IN DIE GESIN TOT MAATSKAPSVERHOUDINGE

A. INLEIDING .................................................. 59

B. 'N UITEENSETTING VAN DIE HOOFLYNE VAN DIE TEORIE VAN TÖNNIES ................................................ 60

C. ONTLEDING VAN GEMEENSKAPSVERHOUDINGE EN MAAT=SKAPLIKE EN MAATSKAPSVERHOUDINGE ............................ 62

D. TOEPASSING VAN TÖNNIES SE OPVATTING OP DIE GESIN ........... 63

E. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING ................................. 76

HOOFSTUK V

NUWE PERSPEKTIEWE WORD GEOPEN VIR MAATSKAPSVERHOUDINGE WAT UITMOND IN MASSIFIKASIE

A. INLEIDING .................................................. 77

B. VERSTEDELIKING EN DIE GESIN .................................. 78

C. MASSIFIKASIE EN DIE GESIN .................................... 80

D. NIHILISME EN DIE GESIN ....................................... 84

E. DIE "WORLD COMMUNITY"-GEDAGTE EN DIE GESIN ................. 86

F. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING ................................. 90

HOOFSTUK VI

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

A. ALGEMEEN .................................................. 91

B. GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE GESIN .................. 93

SUMMARY ..................................................... 94

BIBLIOGRAFIE ................................................ 96

LYS VAN TABELLE

1. Gemiddelde aantal daaglikse blanke gevangenes .............. 4

2. Aantal buite-egtelike blanke kinders ....................... 5

3. Gehude moeders betrokke by buite-egtelike geboortes ........ 5

4. Selfmoordgevalle in 1962 ................................... 6

******************************

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## A. DIE NOODSAAKLIKHEID EN BELANGRIKHEID VAN HIERDIE NAVORSING

Wanneer ons die uitspraak van Bavinck met betrekking tot die huisgesin nagaan, naamlik dat : "Het huisgezin maakt zelfzuchtigen tot dienenden, gierigaards tot milddadigen, zwakken tot sterken, lafaards tot helden, ruwe vaders tot zachte lammeren, tere moeders tot leeuwinnen van moed ....... Het huisgezin is geen maaksel van menschenhanden; het is eene gave Gods, het wordt ons naar zijn welbehagen geschonken",[1] blyk dit baie duidelik dat die gesin se belangrike funksie vandag in die moderne samelewing uit die oog verloor word.

Die noodsaaklikheid en belangrikheid van hierdie navorsing is juis daarin geleë om enkele aspekte van die plek en taak van die gesin in die moderne samelewing aan te toon.

Die gesin, wat moet dien as die fondament van die samelewingsorde, is besig om van binne en buite afgetakel te word deur sekere magte en invloede. Die gesin is onderworpe aan "tendenzen van onze tijd, die daarvoor uitzonderlijk zijn en die de toekomst op beslissende wijze richting geven, (die) te vinden (is) in de wetenschap, de techniek, de moderne wijze van organisatie en de geestesgesteldheid van de mens."[2]

Die wetenskap, tegniek, wyse van organisasie en die geestesgesteldheid van die mens, is in so 'n mate vervleg en werk saam om die mens se lewens- en wêreldbeskouing in die moderne samelewing op die golflengte van gemaksugtigheid, oppervlakkigheid en onverskilligheid teenoor gesinslede te stel.

Op hierdie manier word die gesinslewe diep en ingrypend verander. Die huis word nou 'n parkeerplek vir die nag en 'n vulstasie gedurende die dag.

---

1. Bavinck. Het christelijk huisgezin, p. 134 - 146.
2. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 32.

Die gevolg hiervan is gesinsverwaarlosing en geestesverwaarlosing wat weer materiële verwaarlosing tot gevolg het.

Kinders verval in allerlei kultusse en wil nie meer bestaande norme aan= vaar en uitleef nie. Nuwe idees word na vore gebring - so kry ons byvoorbeeld die strewe in Amerika om die vrou volkome gelyk te maak met die man. Hulle wil nie meer grimeer nie, wil nie reukwater gebruik nie, wil dieselfde klere dra as die mans; hulle is nie bereid om tuis te bly en kinders op te voed nie - dit beskou hulle as die man se plig. Hulle wil vry wees.

Die "hippies" kom ook met 'n kreet van "vryheid en liefde" - hulle wil on= gestoord, bandeloos en wetteloos met en saam met mekaar leef en steur hulle nie aan gesinsbande en -liefde nie. Die bestaande norme en orde is nie vir hulle aanvaarbaar nie. Hulle ontwikkel 'n eie opvatting en duld geen teen= stand nie - hulle verkeer buite die gesinsverband en daar is nie die beïn= vloeding vanaf die kant van die ouers nie. Die gevolg is dat daar dikwels tussen diesulkes en die gemeenskap wrywing ontstaan; dikwels in die vorm van betogings as miskenning van alle gesag.

Die oorsaak van hierdie "wegdrywing" van jeugdiges lê dikwels in "die besige vader, die afwesige moeder, huweliksprobleme, onvermoë om op te voed, buierige ouers, ensovoorts", wat "stadig maar seker die grond onder die voe= te van die kind uitkalwe en van hom 'n prooi van hierdie geweldige magte maak." 1)

Die feit dat daar gedurende 1945, 9 101 en in 1965, 26 071 oortredings ten opsigte van die besit van dagga was, en die steeds groeiende neiging onder jeugdiges om verdowingsmiddele te gebruik, is 'n onrusbarende verskyn= sel en tree as 'n mag na vore.

Wat belangrik is, is dat dit nie noodwendig kinders uit arm gesinne is wat oortree nie, maar eerder dié uit verwaarloosde gesinne. Sosiale verplig= tinge van ouers bring dikwels mee dat aan die kind(ers) baie geld gegee word wat hy/hulle as onvolwassenes nie weet hoe om te bestee nie. Met genoeg geld sien die kind die lewe as 'n uitdaging en voel hy/hulle sterk.

---

1. Duvenhage. Verdowingsmiddels. Die Kerkblad, jaargang 73, nr. 2055, p. 9.

Juis onder hierdie omstandigheid, wend die kind hom/haar tot die "avon= tuurlike" in die lewe, sonder om aan die gevolge te dink. So kan stokkies= draai en diefstal 'n algemene oortreding word en dit terwyl die ouer dink dat dit goed gaan met die kind(ers). Gaandeweg word die gesinsbande versteur en moeilike kinders - sowel as ouers - is nie 'n seldsame verskynsel nie. Hier= die toestand kring nog wyer, aangesien hierdie kinders in die sosiale orde van die toekoms gaan optree.

Familietrots en -liefde, gehegtheid aan mekaar en innige samehorigheid, wat as sterk bindende kragte die gesinslede van die gesin bymekaar behoort te hou, soos deur onder andere Bavinck gesien, is vandag besig om te kwyn en het in baie gevalle verdwyn en plekgemaak vir die "gesellschaft" - idee soos wat ons later meer in besonderhede sal beskryf.

Gesien uit die oogpunt van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, lê die noodsaaklikheid en belangrikheid van hierdie navorsing daarin: om aan te toon dat die gesin in die moderne samelewing 'n grootse en belangrike taak en plig het, ten opsigte van die rigting waarin die samelewing gaan be= weeg; om sodoende ook die plek van die gesin in die moderne samelewing aan te toon; en waar moontlik, sekere riglyne vir die toekoms te stel.

## B. OMVANG VAN DIE PROBLEEM

Totius se siening was: "Die groot Verleider het die gunstigste tydperk in ons volksgeskiedenis uitgesoek om sy gevaarlike netwerk oor ons uit te gooi, die periode, naamlik van oorgang uit die eenvoudige patriargale Boere= lewe tot die veeleisende moderne tyd." [1]

Dat daar 'n wesentlike aantasting in die kern van die volk, naamlik die gesin ingetree het en nog verder soos 'n kanker vreet, spreek ook uit die on= dersoek van Strating. [2] Sy het 'n ondersoek na die wangedrag van dogters in 950 gesinne onderneem en gevind dat die dogters in die meeste gevalle uit kinderryke gesinne met 'n gemiddelde van 5,89 kinders per gesin kom. Ses-en-veertig of 4,84 persent van die kinders was enigste kinders, 211 gevalle of

1. Totius. Voorwoord. Uit vroue harte, F.C.S.V. - publikasie, s.j.
2. Vgl. Strating. Die wangedrag van dogters, hoofstuk I.

22,2 persent kom uit die gesinne met drie en minder kinders, 488 gevalle of 51,36 persent uit die gesinne met vier tot sewe kinders en 251 gevalle of 26,54 persent, uit gesinne met agt of meer kinders; 73,9 gevalle of 73,56 persent kom dus, uit gesinne met vier of meer kinders. Van kinders wat na inrigtings gestuur is, was 39,3 persent seuns en 60,7 persent dog= ters.

Dit spreek dus dat die geestelike ewewigstoestand van die ontplooiende persoonlikheid van die potensiële volwassenes versteur word.

Die ontworteling van die kinders en die verbrokkeling van die gesinne is dus deur een of meer faktore teweeggebring. Sulke gesinne verdien en vereis dus deeglike aandag want hierdie verskynsels het baie ingewikkelde oorsake.

Verskillende voorbeelde met tabelle illustreer die toestand.

So kan ons noem dat daar in 1965, 4 743 geregistreerde volwasse, blanke werkloses was.

Verder was die aantal daaglikse gemiddelde blanke gevangenes die vol= gende:

TABEL 1

GEMIDDELDE AANTAL DAAGLIKSE BLANKE GEVANGENES [1)]

| | |
|---|---|
| 1956 - 1957 | 2 268 |
| 1959 - 1960 | 2 417 |
| 1964 - 1965 | 3 070 |

1. Statistiese Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, p. 53.

Dit is 'n onrusbarende verskynsel.

Dat die blankes ook meer losgeanker raak van dit waaraan hulle waarde be=

hoort te heg, blyk uit die aantal buite-egtelike blanke kinders wat jaar=liks gebore word:

TABEL 2

AANTAL BUITE-EGTELIKE BLANKE KINDERS [1]

| Jaar | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| 1956 | 1 055 | 15,0 |
| 1957 | 1 208 | 16,5 |
| 1958 | 1 234 | 16,4 |
| 1959 | 1 458 | 19,2 |
| 1960 | 1 434 | 18,8 |
| 1961 | 1 653 | 21,8 |
| 1962 | 1 770 | 23,1 |
| 1963 | 1 872 | 24,8 |

1. Statistiese Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, p. 53.

Uit die statistieke oor buite-egtelike geboortes, blyk dan ook dat ge=hude moeders hierby betrokke was soos blyk uit die volgende gegewens.

TABEL 3

GEHUDE MOEDERS BETROKKE BY BUITE-EGTELIKE GEBOORTES [2]

In : 1956 was dit 37,7 persent;

1957 : 39,6 persent
1958 : 39,6 persent
1959 : 39,6 persent
1960 was 43,9 persent, tienderjarige moeders.

2. Statistiese Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, p. 8.

Selfmoordgevalle in 1962 het soos volg daaruit gesien:

TABEL 4

SELFMOORDGEVALLE IN 1962 [1]

| Blankes | | Kleurlinge | | Asiate | |
|---|---|---|---|---|---|
| Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| 423 | 113 | 56 | 15 | 27 | 17 |

1. Statistiese Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika, p. 30.

Dit is dus duidelik dat van genoemde drie rassegroepe die blankes meer tot selfmoord geneig is. Daar moes dus telkens 'n motief vir so 'n daad gewees het - miskien is dit gewortel in gesinstoestande.

Plaas ons nou die bevindinge van Rowntree hierby, dan merk ons dat, wat die gesin betref, daar 'n proses van losskeur van vaste lewensankers is wat lei tot onverskilligheid en verwydering ('n maatskapsgevoel). Hierdie gevoel, wat in die mens aanwesig is, is 'n proses wat hom van binne verteer.

Reeds in die vroeë jare van die twintigste eeu het die proses van geestelike verval die mens begin verlam, en sodoende is die gesin as natuurlike samelewingsvorm vrygemaak van die geestelike anker van die godsdiens en geloof. Rowntree [1] het in 1901 gevind dat 35,5 persent van die mense in die V.S.A. kerk toe gaan en in 1948 was dit slegs 13 persent. Op eenderse wyse word die hoëre lewenswaardes van die samelewing afgewater soos ook verder in die verhandeling aangetoon sal word.

Die probleem rakende die aspekte van die plek en taak van die gesin in die moderne samelewing het 'n groot omvang. Omdat die gesin, sosiologies gesproke, die fondament van die gesonde sosiale orde of samelewing is, [2] is die "orde" in die wêreld afhanklik van wat in die gesinne, in wêreldomvattende sin gedoen word. Sosiologies groei alle ander groepe - huwelik, gesin, kerk, staat, skool, bedryf, ens. uit die gesin. Vanselfsprekend kan onmoontlik aan alle aspekte van hierdie onderwerp aandag gegee en beskryf word, want daar is byvoorbeeld die volgende aspekte: die godsdienstige, die liefde, die gesag, die kulturele, die opvoedkundige, die sosialiseringsfunksie, ensovoorts. Maar

1. Collier. The social purposes of education, p. 27.
2. Fairchild. General sociology, p. 17.

ook vanuit 'n ander hoek is die omvang wydlopig; wysgerig of filosofies, pedagogies, psigologies en andere.

In hierdie omvang, wat tevore net terloops aangesny of aangeraak is, word die aandag slegs toegespits op die sosiologiese beskouing - dit wil sê 'n ondersoek vanuit groepe ten opsigte van bepaalde aspekte wat in hier=die studie onderneem word.

## C. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK EN INDELING VAN DIE STOF IN HOOFSTUKKE

Teen die agtergrond van die voorgaande oriëntering, is die doel van hierdie verhandeling ondermeer die volgende: In die algemeen aanvaar ons dat die menslike lewenswaardes veranderinge ondergaan. Mannheim praat byvoorbeeld van krisis in waardes en noem dit dat ontworteling van die individu o.m. plaasvind omdat "the religious and moral unity which integra=ted mediaeval society(is) vanishing." [1]

Die konstante samelewingsvorme, soos byvoorbeeld die kerk en staat, maar veral die huwelik en die gesin, word deur die krisis in waardes geraak, omdat die basiese bindinge van die indiwidu in die groep beïnvloed word.

Saam met Van Riessen wil ons dan die vraag vra: "Wat staat ons te doen?" [2] Terselfdertyd wil ons die vraag beantwoord dat die toestand waarin die samelewing verkeer, 'n mens "zicht niet .......... aanpassen, als=of zij onvermijdelijk is, alsof haar tendenties onontkoombaar zijn, maar men moet er zich bij aansluiten, omdat zij werkelijk is. Alleen van haar uit leidt een weg in de toekomst. Beslissend is dan echter, welke weg men kiest. Er is een richting waarin de maatschappij zich zal kunnen ontplooien als een richting," [3] wat dus van die grootste belang is.

Of ons nou die rigting van ontaarding kies, kom ons telkens voor die probleem van krisis in waardes te staan soos dit o.m. in die gesinsverband

1. Mannheim. Diagnosis of our time, p. 12.
2. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 280.
3. Ibid., p. 281.

ondervind word. Daarom wil ons deur middel van 'n aantal definisies en om= skrywinge van die gesin aantoon wat die doel en taak of funksie van die ge= sin is; om vervolgens die aandag op die algemene aard van die opvoedkundige werksaamheid in die gesin te vestig en vervolgens aan te toon:

1. wat die plek in en die invloed van die gesin op die moderne same= lewing is;
2. wat die invloed van bepaalde magte uit die samelewing op die ge= sin is om daarmee aan te toon dat die gemeenskapsverhoudinge ge= leidelik oorgaan na die onpersoonlike en saaklike maatskapsverhou= dinge volgens die teorie van Tönnies;
3. dat die proses van vermaatskapliking gestimuleer word deur sosiale verandering wat kan lei tot massifikasie en die krisis van die gesin intensifeer met die gevolge van sosiaal patologiese verskyn= sels.
4. Vervolgens word deur middel van samevattende gevolgtrekkings ook enkele riglyne vir die toekoms en gesonde funksionering van die gesin aangetoon. Binne hierdie raam word die stof in die volgende hoofstukke ingedeel:

<u>Hoofstuk I</u> bevat die inleiding, omvang, afbakening, doelstel= ling en metode van ondersoek.

<u>Hoofstuk II</u> beskryf die moderne gesinsfunksies asook die plek in en die invloed daarvan op die moderne samele= wing.

<u>Hoofstuk III</u> gee 'n uiteensetting van die invloed van die moderne samelewing op die gesin.

<u>Hoofstuk IV</u> bevat 'n uiteensetting van die gemeenskapsverhoudinge van die gesin wat onder invloed van sekere magte van die moderne samelewing geleidelik oorgaan na maatskapsverhoudinge.

<u>Hoofstuk V</u> beskryf die maatskapsverhoudinge wat lei tot massi= fikasie en wat allerlei ongewenste perspektiewe vir die taak van die gesin open.

<u>Hoofstuk VI</u> bevat enkele samevattende gevolgtrekkings met riglyne vir die toekoms, wat kan lei tot beter en gesonde funksionering van die gesin in die moderne samelewing.

## D. DIE METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie studie is gebruik gemaak van literatuurstudie om die gege= wens uit allerlei geskrewe bronne saam te vat vir 'n eenheidsbeeld van die probleemstelling.

## HOOFSTUK II

## DIE PLEK EN FUNKSIE VAN DIE GESIN EN DIE AARD VAN DIE MODERNE SAMELEWING

### A. INLEIDING

Aangesien daar later in hierdie verhandeling volllediger aandag aan die aard van die moderne samelewing gegee word, is dit op hierdie stadium nood=saaklik dat 'n voorlopige aanduiding van die aard van die moderne samelewing gegee word, ten einde aan te toon wat die invloed van die moderne gesin op die vorming en instandhouding daarvan is. Om hierdie afdeling te vergemaklik, word van definisies en omskrywinge gebruik gemaak.

### B. DIE AARD VAN DIE MODERNE SAMELEWING

1. Die samelewing is volgens Rose [1] "the sum total of people who have fair=ly consistent communication (direct or indirect) with each other and who have significant sections of a culture in common. Consists of all the groups that have their subcultures complemented by the common culture."

2. "A society is a system of action in operation that

   (i) involves a plurality of interacting individuals of a given species (or group of species) whose actions are primarily oriented to the system concerned and who are recruited at least in part by the sexual re=production of the members of the plurality, involved;

   (ii) is at least a theory self-sufficient for the actions of this plurality; and

   (iii) is capable of existing longer than life span of an individual of the type or types involved." [2]

---

1. Rose. Sociology. The study of human relations, p. 567.
2. Levy. The structure of society, p. 113.

3. 'n Samelewing is "any group of people united together more or less clo= sely by sentiments, ideals, traditions, customs, folkways, and mores which define the interests and purposes of the people." 1)

4. "A Society is the largest group to which any individual belongs. A society is made up of a population, organization, time, place, and interests. The population includes both sexes and all ages. Social life is organized primarily as a division of labor, within a common territory and on a permanent basis in time. Many common interests are shared, and all interests, common and specialized, are inclusive enough to make social life self-sufficient among the members." 2)

5. "Samenleven betekent met elkaar leven, niet maar ieder op zichzelf, zon= der band met en zonder égards vóór de ander, de medemens, maar hoé dan ook, in welke mate en in welk opzicht dan ook, zamenzijn, samenleven, samen stre= ven mét anderen." 3)

6. Bierens de Haan sê: "Zo is de samenleving, die leeft en tot uiting komt in de verhoudingen tussen mensen, in haar wezen een collectieve, boven-indivi= duele, historisch gevormde werkelijkheid, waarop het individuele leven en de individuele verhoudingen tussen mensen berusten. Zij omvat zowel het individu= ele als het collectieve element, de beide polen waartussen het leven gespan= nen is." 4)

ANALISE EN KLASSIFIKASIE VAN DEFINISIES EN OMSKRYWINGE VAN DIE SAMELEWING

Die gemeenskaplike eienskappe van die moderne samelewing wat uit die ge= noemde, en ook ander definisies en omskrywinge duidelik na vore tree, is onder meer die volgende:

---

1. Gillin & Blacmar. Outlines of sociology, p. 16.
2. Green. Sociology, p. 31 - 32.
3. Van Dijk. Vrijheid en gebondenheid van de mens in de sameleving, p. 7.
4. Bierens de Haan. Grondslagen der samenleving, p. 13 - 14.

In 'n samelewing is daar altyd 'n groepvorm en 'n soort gemeenskaplike doel en verwagting vir die verskillende terreine van saamleef.

Daar is 'n betreklik konstante vorm of vorme van kommunikasie om die genoemde doeleindes te kan bereik.

Die gedurige wisselwerking, interaksie en wedersydse beïnvloeding soos die mens in sosiale strukture saamleef, arbei en geniet, dui op die wese en wette om ordelik saam te leef, want die mens is 'n skepsel van God wat 'n God van orde is. Ten opsigte van sy nageslag het die mens 'n godde= like roeping, vgl. Psalm 78 : "vertel aan julle kinders" [1]. Daarom moet die mens ook sy kultuuropdrag en -oordrag uitbou.

Die verskillende sosiale prosesse, wat in die samelewing 'n rol speel en funksies te vervul het, dui daarop dat die mens in die skepping gestel is om te heers en te beantwoord aan die eis van God, naamlik om jou naaste lief te hê soos jouself. Die mens werk dus in sy tydelike bestemming mee in die ordelike raadsplan van God, om hier op aarde reeds geslyp te word vir sy ewige bestemming.

In hierdie struktuurorde, waarin die mens positief en negatief kan optree in die skepping van God, is al die vorme en verbande waarin die mens optree neweskikkend en in wisselwerking met mekaar. Hierin bly die mens die dinamiese aksiesentrum.

Die aard van die sosiologie, wat die struktuur van die samelewing be= studeer, is naamlik die positiewe sosiologie wat "in haar visie op de typis= che structuren der empirische samenleving afhankelijk is van de wijsgerige en de laatste is afhankelijk van het religieuse grondmotief, dat haar uit= gangspunt vormt." [2] Die aard van die sosiologie het te make met die aard van die samelewing wat bestudeer moet word.

---

1. Die Bybel.
2. Dengerink. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ont= wikkeling van het beginsel der "souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw, p. 191.

Die aard van die moderne samelewing bestaan naas die fundamentele, maatskaplike, en kontakgroepe ook uit verhoudinge tussen mense en groepe wat bepaal word volgens die struktuurnorm van elke groep. Die samelewing is normatief en ordelik van aard. Laasgenoemde siening word egter bepaal volgens 'n persoon se lewens- en wêreldbeskouing en in die verband wat be= staan tussen die Christelike, dit wil sê die immanente of humanistiese stand= punte.

Wat die verhandeling betref, wil skrywer hom bepaal by die Christelike opvatting om die orde en normatiewe aard van die samelewing aan te toon. Skrywer stem saam met Fourie waar hy sê "onder die Christelike word die teo= sentriese beskouinge gegroepeer, wat almal Godgerig is en die Bybelse waar= hede aanvaar. Hiervolgens is God die oorsprong van alles en dus absoluut soewerein oor alles wat Hy geskape het. Hy hou die skepping in stand,bestier alles deur Sy volmaakte wilsbeskikking, bepaal die bestemming en doel van alle dinge, ook die roeping van die mens om aan Sy wil gehoorsaam te wees en om onder Sy bestel mede te arbei aan die verwesenliking van Sy raadsplan op aarde. Die beginsel is : uit God, deur en tot Hom is alle dinge. God is dus die begin en einde van al ons denke, doen en late."[1)]

Ons huldig dus die standpunt dat, volgens die openbaring van God se Woord, die Skepping sy oorsprong, bestaan, voortbestaan en bestemming in die wil van God het - daar is dus 'n skeppingsorde. Aangesien die menslike samelewing dus volgens die Christelike siening binne die raamwerk van die ordelike skepping val, wil ons dus ook die samelewing sien as 'n samelewing van orde,[2)] dit wil sê in die struktuur van die samelewing is daar orde. Die verskillende aspek= te van die strukturele orde van die samelewing staan in die Skepping nie los teenoor mekaar nie, maar daar is 'n innige vervlegting. Hierdie innige ver= vlegting waar die mens min of meer eenderse patrone van tussen-menslike ver= houdinge en menslike gedragswyses in sekere sosiale situasies in 'n bepaalde omgewing openbaar, kom tot uiting in kultuur en kultuurpatrone wat niks anders is as gedragspatrone nie.[3)]

---

1. Fourie. 'n Sosiologiese beskouing oor die plek en taak van die kerk in die samelewing, p. 31 - 32.
2. Van Dijk. Mens en medemens, p. 64.
3. Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie, met spe= siale verwysing na die laerskool, hoofstuk 1.

Wat onder 'n kulturrpatroon verstaan word, wys ons op die siening van Bierens de Haan: "Met cultuur wordt hier deze algemene geestelijke gesteld= heid bedoeld, onmisbare voorwaarde voor het bestaan der sameleving. Onder cultuur wordt hier verstaan de algemene gelding van waarden en van daaraan ontleende maatstaven, die in de praktijk van het dagelijkse leven richting geven." [1] Dit wil sê in die samelewingsorde is die mens se gedrag en handelswyse dus afhanklik van sy lewens- en wêreldbeskouing. So glo die Christengelowige dat God Sy wette en norme gegee het waaraan die ganse Skep= ping onderworpe is - dus ook die mens en die menslike samelewing. In kort, ons aanvaar die samelewing is ordelik en normatief van aard. In hierdie ordelikheid vind ons die onderskeie samelewingsvorme soos die huwelik, gesin, kerk, staat, skool, bedryf, ensovoorts, elkeen met 'n eie norm wat aan die onderskeie samelewingsvorme 'n taak en roeping oplê.

Die moderne samelewing se aard word naas die religieuse, ook nog ver= der beïnvloed deur die magte soos wetenskap, tegniek, politiek, ekonomie, ensovoorts, wat voortvloei uit verskillende groepe in die samelewing.

'n Onderskeid tussen die wetenskap en tegniek is vandag moeilik, aange= sien "de techniek en de wetenschap ....... in onzen tijd zeer innig met elkaar verbonden is".[2] Ons wil egter noem dat ontdekkinge die resultaat van die wetenskap is, terwyl die uitvinding die resultaat van die teniek is wat aan die mens 'n nuwe apparaat, werkwyse, of produk verskaf wat voorheen onbekend was. Die wetenskap is kortliks die teoretiese kennis terwyl die tegniek die praktiese toepassing van kennis is.

Die ekonomiese handelinge van die mens as mag is duidelik onderskeibaar van sy politieke- en ander handelinge, aangesien dit te make het met eko= nomiese behoefte-bevrediging - waar die strewe na die winsmotief na vore tree om die menseverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse te beïnvloed.

Ter stawing van genoemde magte haal ons slegs oor elkeen die siening van 'n skrywer aan : Van Riessen sê omtrent die wetenskap en tegniek : "De aarde heeft een techniesche make-up gekregen. Niet alleen getuigen onze huiskamers, onze straten en steden daarvan, krioelt het onder het aardop= pervlak van buizen en kabels en is de aether een wirwar van berichten, de

---

1. Bierens de Haan. Grondslagen der samenleving, p. 182.
2. Van Riessen. Roeping en probleem der techniek, p. 19.

mensen zelf zijn ook veranderd. Zij zijn zeer zakelijk geworden, net als hun huizen en bruggen. En zeer gespecialiseerd; net als hun machines." [1)]

Wat die ekonomie betref sê Van Riessen : "Stap voor stap is het eco= nomisch leven verstrengeld met het politieke leven en is de overheid haar zwaardmacht gaan parsen aan economische macht."[2)]

Op die invloed van die magte sal ons nie nou verder ingaan nie, maar ons moet egter ook nie uit die oog verloor nie dat daar sosiale siektever= skynsels is, naamlik die sosiaal-patologiese verskynsels, wat afwykend van die normale is. Gevolglik is ook hulle inbegrepe by die studie van die aard van die moderne samelewing.

Die voorgaande is in breë trekke 'n uiteensetting van die aard van die moderne samelewing waarin die huisgesin hom bevind, waarin dit funksioneer en waarmee dit in interaksie is, maar waartoe die huisgesin ook 'n bydrae en vormende invloed op die samelewing uitoefen.

Ten einde die voorgaande te kan aantoon, moet vervolgens 'n struktuur= ontleding van die huisgesin gemaak word om sowel die interne doelstelling - deur middel van die gesinsfunksies - as die eksterne doelordening daarvan aan te toon, met ander woorde die diensbaarmaking van die interne gesins= funksies aan die samelewing.

## C. 'N STRUKTUURANALISE VAN DIE HUISGESIN EN DIE OPVOEDINGSFUNKSIES

Omdat die sosiologie ook die gesin as die kerngemeenskap met al sy fa= sette bestudeer, wil ons deur middel van definisies en omskrywinge 'n struk= tuuranalise van die gesin gee:

1. Die familie is "de natuurlijke voltooiing van het huwelijksgemeenschap. Het huwelijk geeft het leven, de familie geefde de opvoeding. Het huwelijks= verband behelst de verhouding tussen man en vrouw, het familieverband deze

---

1. Van Riessen. Roeping en probleem der techniek, p. 8.
2. Ibid., p. 135.

tussen ouders en kinderen." [1]

2. "The family is a primary social group constituted by parents and child= ren - considered as a social structure, it is a set of interactive social relations connecting a number of statuses or roles into one social unit." [2]

3. "The family, consisting of a married couple, their offspring, and oc= casional accepted members durably living together in a home, is a primary, organized community which performs a combination of biological, economic, socializing and physchosocial functions." [3]

4. Kane se siening sluit mooi aan by die voriges wanneer hy die gesin sien as "a group of persons united by ties of blood, marriage or adoption, con= stituting a single household, interacting and communicating with each other in their respective social roles of husband and wife, mother and father, son and daughter, brother and sister, and creating and maintaining a common culture." [4]

Uit die vorige en ander definisies en omskrywinge kan die volgende om= trent die huisgesin gestel word.

1. As natuurlike samelewingsvorm is die gesinsgemeenskap nie net 'n biolo= giese gemeenskap nie, maar ook 'n gevoels-, sosiale-, ekonomiese-, liefdes- en geloofsgemeenskap. Mihanovich wys op die "set of interactive social re= lations connecting a number of statuses or rules into one social unit." [5] Daarom wys Timasheff op die verskillende funksies in die gesin wat die oor= saak en gevolg van die tussenmenslike verhoudinge is.

2. Die huisgesin ontstaan met die geboorte van 'n kind uit twee afsonderlike indiwidue van die teenoorgestelde geslag.

---

1. Lauwers. Inleiding tot die sociale wijsbegeerte, p. 124.
2. Mihanovich e.a. Marriage and the family, p. 255.
3. Timasheff & Facey. Sociology. An introduction to sociological analysis, p. 48.
4. Kane. Marriage and the family, p. 8.
5. Ibid., p. 8.

3. Die huweliksgemeenskap word dus uitgebou volgens die Goddelike opdrag: "wees vrugbaar".[1] Wanneer die man en vrou hulle vader en moeder verlaat en mekaar aankleef op grond van die liefde, ontstaan die wettige huwelik.

4. Aan die Goddelike opdrag en die doel van die huwelik word beantwoord wanneer die intieme seksuele liefdesgemeenskap "their offspring", dit wil sê seuns of dogters verwek.

5. Dit dui dus daarop dat, wanneer daar kinders is, is daar noodwendig intieme wisselwerking tussen die "husband and wife, mother and father, son and daughter, brother and sister." [2]

6. Die aard van die wisselwerking in dieselfde huis rus op gesinsliefde, soos aangedui in nommers 2, 3 en 4.

7. In die ouerhuis ontstaan daar 'n onderlinge verhouding tussen die ge= sinslede en so vorm hulle 'n liefdesgroep wat dan ook in groepsverband sal dink, handel en voel, omdat hulle aan mekaar gebind is met bande van lief= de en bloed.

8. Die ouers behoort op grond van hul roepingsbesef hul kinders op te voed en te onderrig of laat onderrig volgens die doopbelofte, en die volle implikasies daarvan. Die struktuurnorm van die gesin bepaal hierdie taak en roeping.

Die siening van Spier is belangrik ten opsigte van die struktuurana= lise van die gesin, want hy sien die gesin as die "kiemcel der maatschappij" [3] - uit die gesin ontspring die samelewing. Die funderingsfunksie van die ge= sin word egter bepaal deur die biotiese in die bou-orde: daarom dat die gesin 'n bloedgemeenskap is. Gevolglik rus die innige betrekkinge tussen ouers en kinders mede op die bande van bloed. Dit is belangrik om die ge= sin na sy normatiewe struktuur nie uit die bloedgemeenskap te verklaar nie,

---

1. Die Bybel.
2. Vgl. Kane. Marriage and the family, p.8.
3. Spier. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee. p. 183.

maar dit wel te sien as komende van Bo - as wonderwerk - die vrug van die liefde.

Die bestemmingsfunksie is geleë in die etiese aspek van die bouorde, dit wil sê die liefde - wat God nie net eis tussen die ouers onderling nie, maar ook tussen die ouers en kinders en kinders onderling. In die beoefe= ning van die onderlinge liefde vind die gesin sy tydelike innerlike bestem= ming.

Dit spreek dus vanself dat die gesin, wat sy funderings- en bestem= mingsfunksies betref, 'n taak ten opsigte van die opvoedingsfunksie het om te vervul. Die woorde van Lauwers bring ons tot die aspek: "Het huwelijk geeft het leven, de familie geeft de opvoeding." [1)]

Die doel van hierdie verhandeling, naamlik om aspekte van die plek en taak van die gesin in die moderne samelewing aan te toon, word baie mooi deur die woorde van Waterink onderstreep: "Wij hebben de opvoeding in huis, in de jeugdverenigingen, in de jeugdgroepen, de opvoedingsgestichten, in die tuchtscholen, in werkkampen. Wij spreken over opvoeding op de middelbare school. Wij handelen over de opvoeding van de studenten en over de opvoe= ding van jonge ouders, even goed als wij spreken over de opvoeding van het kind voor de geboorte. Dat is alles prachtig." [2)]

Alhoewel die opvoedingsfunksie deesdae baie meer verg, is dit opmerklik dat die opvoeding en die kwaliteit van die opvoeding steeds meer verswak in die gesin(ne).

Die probleemsituasie ontstaan wanneer "wij niet verstaan dat het gezin de plaats is waar de opvoeder zijn taak heeft te verrichten, dat het gezin allereerst de roeping heeft op te voeden naar de eis Gods voor het leven van staat en maatschappij en kerk..........." [3)]

In die gesin merk ons dus dat dit eerste die taak van die ouers is om die kind(ers) te verwek en dan te versorg om hulle op die pad na volwassen= heid te help en te lei.

---

1. Lauwers. Inleiding tot de sociale wijsbegeerte, p. 124.
2. Waterink. Theorie der opvoeding, p. 105.
3. Ibid., p. 105.

Die taak van die mens, of te wel die belangrike funksie van die mens is om gehoor te gee aan die opdrag aan die eerste ouerpaar, naamlik "wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde." [1] Van Dijk sê in die verband : "Het huwelijk is ongetwijfeld, zowel naar zijn structurele eigen-aard als naar de subjectieve ervaring van de huwelijksgenoten bestemd zich te ont= plooien tot de meeromvattende gemeenschap van het gezin, bestemd om van een twee- eenheidsgemeenschap te worden tot een eenheid in de veelheid (minstens in de drie-eenheid.)" [2]

Om die aarde te vul is dit nodig dat die prokreatiewe funksie moet voortduur: "All societies that wish to be sure of continued existence must provide for and encourage the birth of young." [3]

Dit is reeds duidelik dat waar die kind uit die huwelik gebore word, die biologiese proses dus eerste kom en daarna die sosialiseringsproses wat verband hou met die sosiologiese aard van die gesin se taak. Die kwa= liteit van die samelewing hang dus ook saam met die prokreatiewe funksie van die ouerpaar.

Bierstedt sien die saak so: "For the sake of order, if for no other reason, the process of reproduction is institutionalized in the family, where it assumes a regularity and a stability that all societies recognize as desirable." [4]

Die gesin se taak en sy plek in die samelewing is dus van primêre be= lang vir die uitbouing van die samelewing. Veral in hierdie moderne same= lewing sal die gesin weer eens, met die beginsels van die Woord van God as norme, sy verantwoordelike taak en roeping moet aanvaar om 'n gesonde same= lewing uit te bou.

Die opvoedkundige werksaamheid van die gesin kom uit die versorging van die kind wat grotendeels by die moeder berus: "Since the mother has the primary responsibility for the care of the young child," [5] o.m. "Breast

---

1. Die Bybel.
2. Van Dijk. Mens en medemens, p. 80.
3. Kenkel. The family in perspective. A fourfold analysis, p. 195.
4. Bierstedt. The social order. An introduction to sociology, p. 395.
5. Ibid., p. 370.

feeding her infant" [1], maar verder ook dat "(die kind(se) hulpeloosheid by die geboorte dus nie slegs liggaamlik (is) nie, maar by uitstek gees=telik. Om werklik mens te word, moet hy ook daardie kennis en opvattinge, gewoontes, sedes en lewenswaardes, ideale (verkry), dit wil sê al daardie dinge wat ons onder volksgewoontes en tradisies, geloof en aspirasies, be=hendighede en tegnieke saamvat, behalwe die brood en water wat sy liggaam voed." [2]

Aangesien die kind 'n liggaamlik geestelike wese is, wat op pad na vol=wassenheid gehelp en gelei moet word, ondergaan hy ook die sosialiserings=proses. Daarvoor is dit nodig dat die ouers aandag sal gee aan die welstand van die kind omdat: "health includes more than the absence of disease and disorders. Developmentally it would include the progressive maximiza=tion of the potentialities of the organism to perform its physiological function and to achieve its maximum of sensory activity, strength, energy, co-ordination, dexterity endurance, recuperative power and immunity. Health quite obviously is related to interpersonal relations and is not simply a state or condition of an individual organism. Health forms part of the ba=sis for the achievement of many developmental tasks at various stages of the family life cycle. To play the roles of normal adults in the family, men and women need endurance, energy, sexual potency and other abilities that have as part of their basis the sense of physical wellbeing implied in this conception of health." [3]

Die taak van die ouer ten opsigte van die welstand van hulle kind(ers) is dat hulle met 'n bepaalde lewensbeskouing moet omsien na 'n gesonde op=groei en grootword van hulle kind(ers). Dit is dus nodig dat hulle met liefde en 'n verantwoordelikheidsgevoel hulle kind(ers) moet opvoed en ver=sorg om hulle sodoende voor te berei vir 'n gesonde lewe.

Wat die versorgingsfunksie betref, sal die Christengeoriënteerde ge=sin in die moderne samelewing dus sy taak met ywer, energie en gesag aanpak.

---

1. Bierstedt. The social order, p. 371.
2. Keyter. Die huwelik en gesin, p. 61.
3. Kenkel. The family in perspective, p. 359.

Veral die gesag van die vader sal moet help in die versorging - veral die geestelike versorging. Dit kan gebeur deur te leef na Gods Woord soos vervat in Josua 24 vs. 15 (p. 245), naamlik "ek en my huis, ons sal die Here dien".

In hierdie tyd met sy kerkloosheid, sal die uitleef van so 'n stand=punt in die huisgesin ook die kerk ten goede kom ten opsigte van die kerk=like opvoeding van die kinders.

Die ouers het dus in hierdie opsig 'n groot taak om die potensiële volwassenes te versorg. Die versorging kan alleenlik ook tot sy reg kom as die ouers 'n gesonde begrip van hulle ware roeping as ouers het.

In die liggaamlik-geestelike ontwikkelingsproses, tesame met die so=sialisering, is dit nodig dat die normale persoon 'n begrip moet hê van wat met en om hom gebeur om in wisselwerking en interaksie met ander te staan.

"The development conception of intelligence emphasizes the maximiza=tion of the mental potentialities so that the greatest amount of skill is reached in such abilities as reflective thinking, perceiving relation=ships among events, symbolic reasoning, and drawing generalizations." 1)

In hierdie verband moet die potensiële volwassenes met begrip benader, onderrig, versorg en gelei word sodat hulle insig en ook goeie begrip kan verkry van wat hulle bestemming is in die moderne samelewing. So behoort die gesin sy taak en roeping ten opsigte van die kind van God tot uitvoe=ring te bring. Die mens moet weet waarheen hy wil - wat sy plig teenoor sy naaste is, en daarom moet die potensiële volwassenes weet watter rol hulle moet speel as volwaardige volwassenes.

Dit is juis die sosiologiese taak en roeping van die gesin om begrip tuis te bring ten opsigte van 'n verantwoordelike skepsel van God sodat die mensdom Hom kan ken as onse Vader. Die gesin neem dus 'n primêre plek

---

1. Kenkel. The family in perspective, p. 360.

in die samelewing in; gevolglik moet die ouers ook hul aandag wy en toesien dat die kind geleer word dat: "Judgement involves more than knowledge and the possession of factual information, for it implies the weighing of avail= able facts and the reaching of a satisfactorily conclusion on what kind of action is called for by the situation. The ability to judge and decide is constantly required in many phases of personal and social living." 1)

Die versorgingsfunksie van die ouers is om die potensiële volwassenes ryp te maak vir begrip van sy oorsprong, roeping en bestemming, om sodoende 'n gesonde normatiewe oordeel te kan handhaaf.

Die opgroeiende kinders kry dus die geleentheid om in die gesin en an= der samelewingsverbande te ontplooi tot 'n bewustelike verantwoordelike taak en roeping.

Dis nie net die jongere kinders in die gesin wat opgevoed moet word nie, maar ook die groter en ouer kinders.

Alhoewel die ouers in die versorging van die kind "are bombared from all sides by myriads of articles, lectures, and helpful hints on this or that aspect of how they should rear their child," 2) bly dit steeds die ouer se verantwoordelike roeping en taak.

"Throughout the child-rearing stage of the family life cycle the child and his parents have in countless ways learned their roles, and they have played them in innumerable situations.

The protection, help and guidance by parents is not only anticipated but is needed and appreciated by the immature off-spring. More or less sud= denly there arises the need for a new relationship. The adolescent-child strives quickly to renounce childhood and to prepare himself for life out= side the family." 3)

---

1. Kenkel. The family in perspective, p. 364.
2. Ibid., p. 366.
3. Ibid., p. 382-383.

In die ontwikkelingstadium van die kind na volwassenheid moet die "adolescents face the same general life tasks as (children and) adults." 1)

In hierdie stadium van ontwikkeling ondergaan die kind 'n nuwe fase van sosiale, psigologiese en biologiese druk, waarin hy besonder sensitief en positief gelei moet word. Algaande word die kind(ers) dus in aanraking met die realiteite van die lewe gebring om sodoende hul oordeelsvermoë en redeneervermoë te ontwikkel. So moet die ouers ook toesien dat die poten= siële volwassenes in aanraking kom "with the economic realities of the so= ciety in which they live and select and prepare for a role in the economic system." 2)

Om te selekteer en voor te berei vereis oordeel en daarom is dit die gesin se taak om dit by die kind tuis te bring om nie in hierdie sandhoop van indiwidue verlore te gaan nie. Die vermoë om te kan oordeel is nodig op alle lewensterreine en in alle samelewingsverbande; daarom dat daar ook aan kultuur en kultuuroordrag aandag gegee moet word.

Omdat die mens, kultuur en die samelewing 'n hegte eenheid vorm, kan ons nie aan 'n samelewing sonder kultuur dink nie. Kultuur is dan "the con= figuration of learned behaviour and the results of behaviour, whose com= ponent elements are shared and transmitted by the members of a particular society." 3)

Langs hierdie lyne sal die ouers in die opvoedingsproses van hulle kinders die vrug van hulle arbeid sien wanneer die kinders as volwassenes in die lewe staan. Op die wyse geskied die kultuuroordraging en dit is dan 'n proses van "......... continually changing patterns of learned be= haviour (including attitudes, values, knowledge and material objects) which are shared by and transmitted among the members of society." 4)

In die gesin sowel as die samelewing is die leefwyse dus eerstens die produk van die vorige geslag, en verder die aangeleerde handelswyses van

---

1. Kenkel. The family in perspective, p. 382 - 383.
2. Ibid., p. 383.
3. Linton. The cultural background of personality, p. 21.
4. Cuber. Sociology : A synopsis of principles, p. 56.

die volwassenes en opvoeders om die nakomelinge, die onvolwassenes deur die opvoedings- en sosialiserings- proses te help ontwikkel tot volwaar= dige grootmense.

Die mens wat bestaan uit liggaam en gees (siel) word dan deur 'n ge= meenskaplike doel, deur 'n aanhoudende proses van die wieg tot die graf, geleer en in aanraking gebring met die materiële en nie-materiële leefwy= ses, norme en waardes.

Samevattend is kultuur die produk van menslike aktiwiteite wat deur oordraging en sosialisering van geslag tot geslag geleer en aanvaar word.

"All the thousands of expected behaviour patterns must be learned. The fact that all this learning takes place and the varying manner in which it occurs is called socialization." 1)

Die taak van die ouers lê dus daarin om die potensiële volwassenes self te lei om met die hulp van die kerk, skool, straat, bedryf, vryetyd en ontspanning en ander, so te vorm en ontwikkel, sodat hulle dan self al die funksies van die gesin wat uitmond in die samelewing sal bemeester. Hier moet ons veral let op die aspekte wat deur Spier genoem word, naamlik 1. die getals-, 2. die ruimtelike-, 3. die fisiese-, 4. die biotie= se-, 5. die psigiese-, 6. die denke, 7. die historiese-, 8. die linguïstiese-, 9. die sosiale-, 10. die ekonomiese-, 11. die este= tiese-, 12. die juridiese-, 13. die etiese-, en 14. die pisteu= tiese, met ander woorde die funksies van die mens as denkende, voelende, handelende en sosiale wese in die verskillende groepe.

Dit is dus hierdie kennis van die totaalstruktuur, dit wil sê "....... de bouworde daarvan, die aan de aspecten of elementen, die daaraan zijn te onderkennen een bepaalde plaats en functie in het geheel aanwijst en waardoor aan dat geheel zijn eigen-aard wordt verleend," 2) of anders ge= stel, aan alle funksies van die mens in alle groepe, die samelewing en sy kultuur moet aandag gegee word.

---

1. Rose. Sociology. The study of human relations, p. 65.
2. Van Dijk. Mens en medemens, p. 59.

Die interne gesinsverhoudinge moet dus gevorm word as fondament en diensbaarmaking om 'n positiewe bydrae te lewer aan die samelewing. [1]

## D. DIE EKSTERNE DOELORDENINGSFUNKSIE VAN DIE GESIN

Dit gaan hier om 'n positiewe bydrae van die gesin tot die instandhou= ding en vorming van die samelewing en kultuur, met ander woorde die in= vloed van die gesin hierop.

'n Skrywer sê van hierdie funksie van die gesin : "In the first place, one of its functions is to produce and maintain the species. In the second place other institutions have their origin in family life. That is economic activities, social control, education, recreation, re= ligion, and other specialized patterns of social behaviour first developed in the family ........." [2]

Vervolgens let ons op sekere funksies van diensbaarmaking.

### 1. Diensbaarmaking van die ekonomiese funksie van die gesin aan die samelewing

Die aspek het veral tydens en na die industriële omwenteling sterk op die voorgrond getree. Die vervanging van die menslike arbeid deur masjiene, veral na die uitvinding en implementering van stoomkrag, het die spin en weef van klere as selfversorgende gesinsfunksie vervang waar dit deur fa= brieke in die stede vervaardig is. 'n Materiële kultuuromwenteling het dus plaasgevind wat die ekonomiese vaardighede vir die welvaartstrewe ingelui het.

Dat die ekonomiese bedryfsfunksie groei uit die gesin is waar te neem in die woorde van Van Riessen: "De verantwoordelijkheden in het economisch leven liggen in de eerste instantie bij hen, die de primaire economische

---

1. Waterink. Theorie der opvoeding, p. 99.
2. Lundberg e.a. Sociology, p. 491.

activiteit ontwikkelen. Dat kunnen personen en gezinnen zijn," [1] wat ver= vang word deur fabrieke.

Uit die primêre ekonomiese ontwikkeling het ook talle fabriekstede ont= staan wat eers ongeorganiseerd was, maar wat mettertyd ontwikkel en gegroei het tot hoogs gespesialiseerde en georganiseerde ekonomiese bedryfsorganisa= sies, waarvan die ekonomiese en materiële magte eie is aan die moderne same= lewing. Op hierdie wyse het die ekonomiese gesinsfunksie oorgegaan tot 'n verbruikersfunksie wat die diensbaarmaking aantoon aan die ekonomiese ter= rein buite die gesin om.

2. Diensbaarmaking van die opvoedingsfunksie van die gesin aan die samelewing

Wat hierdie proses betref, is dit van belang om daarop te wys dat die moderne skool groei uit die gesin tydens die Industriële omwenteling. Vaders, moeders en kinders moes in fabrieke werk totdat die beroemde Kinderwette van Cromwell 'n einde aan die eksploitasie van kinderarbeid gemaak het. Die ge= sinsonderwys en -opvoeding kon as gevolg van die skofwerk en arbeidsomstan= dighede nie meer hoofsaaklik aan moedersknie geskied nie. Die gevolg was dat ouers 'n vergadering georganiseer het wat die stigting van die moderne skool dagteken; waarmee die intellektuele opvoeding van die gesin aan die skool in die samelewing en opkomende onderwyserskorps oorgedra is. [2] Die omwen= teling het veroorsaak dat die onderwys en opvoeding 'n vernuwing moes onder= gaan, want "in the past education was largely a matter of tradition." [3]

Die skool het dus uit die huisgesin as die vrug van kultuurontwikkeling gegroei. Die invloed van die skool op die samelewing is baie groot omdat 'n groot variasie van skole en opvoedkundige inrigtings ontstaan het om in die behoeftes van die samelewing te voorsien. Die besef van "education is a main agency of social control" [4] word allerweë besef en aanvaar.

---

1. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 285.
2. Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosio= logie met spesiale verwysing na die laerskool, p. 177 - 181.
3. Dobinson. Education in a changing world, p. 111.
4. Ibid., p. 106.

## 3. Diensbaarmaking van die Godsdienstige funksies van die gesin aan die kerk in die samelewing

Die proses van godsdiensbeoefening in die gesin begin by "boekevat" na die aandete. By die kleinere kinders in die gesin gaan dit allereers om die konkrete in die Bybelse geskiedenis sodat hierdie waarhede en groot= hede geleidelik uitgroei tot die abstrakte van die geloof deur middel van geloofskennis deur geloofsonderrig en opvoeding opgedoen, aangevul deur die funksie van die kerk deur middel van Sondagskool en katkisasie wat kulmi= neer in die aflê van belydenis van die geloof wat o.m. insluit die belydenis= skrifte, sakramente en Skrifondersoek en alles wat van konfesionele aard hierby is. [1]

Ook hier gaan dit om 'n diensbaarmaking van die geloofsfunksie wat in die gesin ingeplant is aan die kerk in die samelewing. [2] Die innerlike rigtende invloed vir die gelowige lidmaat van die kerk is dat hy oral in alle situasies van die samelewing sal soek en streef na die waarmaking van die Godgegewe wette, beginsels en norme. [3] Sosiologies gesien, groei die kerk uit die huisgesin, [4] sodat die godsdienstige en geloofsopvoeding diensbaar gemaak word aan die kerk as rigtende mag van die samelewing.

## 4. Diensbaarmaking van die gesinsopvoeding aan die Staat

Die Staat het te make met die regsverhoudinge tussen 'n owerheid en on= derdane. In terme van die interpretasie van die Vyfde Gebod en die impli= kasies van eer jou ouers, owerhede en almal wat oor jou gestel is, word hierdie beginsel van eer, eerbied en respekte in kiem in die huisgesin on= der die leiding en gesag van ouerliefde ingeplant en gekoester. Van hier uit word dit diensbaar gemaak aan die samelewing en almal daarin - die ver= ligte burgerskapsidee, wat kulmineer in die praktyk van volle staatsburger= skap op die grondslag van regsverhoudinge tussen 'n owerheid, (regering) en sy onderdane (burgers) in 'n bepaalde territoriale gebied. [5]

---

1. Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool, p. 177 - 181.
2. Ibid., hoofstuk 4.
3. Ibid., hoofstuk 4.
4. Ibid., hoofstuk 4.
5. Van Dijk. Mens en medemens, p. 120.

5. Diensbaarmaking van die vryetyd - en ontspannings=funksie van die gesin aan die samelewing

Met die proses van sosiale verandering en wat dit impliseer "variations or modifications in any aspect of social process, pattern or form"[1], ontstaan die behoefte aan 'n vorm van georganiseerde vryetyd en ontspanning met die aanvang van gabrieksarbeid tydens die Industriële Omwenteling en skofte. Tevore het ouers en kinders hierdie funksie saam in die gesinsverband beoefen. Die skole het dit van die gesinne op georganiseerde skaal oorgeneem, en allerlei fasiliteite bestaan vandag ook by fabrieke en werkgewersinrigtings vir vryetyd en ontspanning wat in menige opsig reeds van gespesialiseerde aard is. Die invloed van hierdie funksie op die samelewing is positief, want na byvoorbeeld verstandelike ontspanning is liggaamlike ontspanning noodsaaklik, of ook rus na liggaamlike ontspanning noodsaaklik, of ook rus na liggaamlike arbeid. Met so 'n verskeidenheid van fasiliteite word produktiewe arbeid in die produksie van ekonomiese en ander ware verseker. In hierdie verband kan ook daarop gelet word dat 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam woon.

Die variasie van fasiliteite bring ongelukkig somtyds ook die negatiewe en passiewe genietinge van vryetyd en ontspanning mee, byvoorbeeld die kommersialisering van seks in bioskope en ander vermaaklikheidsplekke. Verder word daar ook onder sommige van die jeug die pil- en dwelmverslaafdes en ander kultusse aangetref, wat daal tot die lae vlak, waar niks meer die moeite werd is nie. Alle hoër geestelike lewenswaardes word òf vernietig, òf oorboord gegooi.

E. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING

Dit is duidelik dat die vrug van kultuurontwikkeling, naamlik die skool, staat, bedryf, vryetyd, e.a., wat uit die gesin groei, bygedra het en nog steeds bydraes lewer tot die komplekse gedifferensieerde aard van die moderne

---

1. Fairchild. Dictionary of sociology, p. 277.

samelewing. Die invloed hiervan op die waardes en norme van en vir die sa= melewing en kultuur, is sowel positief-verrykend as negatief-afbrekend.

Dit bring dan ook onteenseglik mee dat die kwaliteit van die gesinsop= voeding en die daarmee gepaardgaande diensbaarmaking aan die samelewingsorde van die allergrootste belang is vir ons tyd en alle tye in die toekoms. Die aard van die fondament van die gesinsopvoeding as diensbaarmaking aan die eksterne doelordening van die gesin, moet dus beskou word as deurslaggewend om alle aanslae op die gesin en die samelewingsorde te kan weerstaan.

Die interaksie wat daar bestaan tussen die gesin en die ander samele= wingsvorme en die invloed van beide opmekaar, genoodsaak ons om in die vol= gende hoofstuk aandag daaraan te gee.

# HOOFSTUK III

# DIE INVLOED VAN DIE MODERNE SAMELEWING OP DIE GESIN

## A. INLEIDING

Die gesonde bestaan en voortbestaan van 'n samelewing is onder meer af= hanklik van die komponente kultuurmassas, wat ook oorgedra word deur die so= siale strukture in die samelewing. Dit sluit die algemene oorgeërfde kul= tuur, sowel as subkulture van alle groepe in 'n samelewing in.[1)]

Die samelewing berus op beide pole, naamlik die indiwiduele en die kol= lektiewe; dit wil sê alles omtrent die indiwidualiteite van die persoonlik= heid en van die groep. Hierdie kollektiwiteit van die samelewing dui op die rasse en bevolkingsgroepe en - groeperinge, met onder meer kultuurverskille met betrekking tot lewensopvattinge, gebruike, ideale, ideologieë, beska= wingspeil, ensovoorts.

Die gesonde samelewing is afhanklik van gesonde tussenmenslike verhou= dinge, wat onder meer berus op begrip, samewerking, wisselwerking, interaksie, ensovoorts.

In enige samelewing, wat op gesonde wyse georganiseer is, moet daar 'n eie plek en werksgeleentheid vir elke indiwiduele mens wees, wat op onder= wys en opvoeding, met ruimere en engere betekenis en inhoud, berus.

Volgens Anderson kan ons dan die struktuur van die samelewing beskou as bestaande uit, o.m. die volgende:

1. "relatively large numbers of people living together in a definite geo= graphical area and having reciprocal relationships with each other.

2. "These relationships result in systems of association where acceptance

---

1. Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie met spe= siale verwysing na die laerskool, hfst. 1.

of desirable, mutual interest and goals have been reached so that co-operating together is possible.

3. "This gives unity to the whole which is fostered by a developed sense of sharing in an interdependent mode of life held together by established norms and interrelated statuses." 1)

Die struktuur van die samelewing kan dus beskryf word as die boustene wat nodig is om die samelewing tot komplekse sisteme te bind en te ontwik= kel. Dit wil sê, dit bestaan o.m. uit die vorme waarin die mens lewe en optree in die samelewing, interaksie en die beïnvloedende verhoudinge tus= sen die lede van die groepe onderling. Hierop is reeds tevore ingegaan.

Ons beskou dit in die hoofstuk nie nodig om verder in te gaan op die struktuur van die samelewing in die algemeen nie, behalwe dat ons wil noem dat, naas die sekondêre groepe, daar ook (1) die huweliksgemeenskap, (2) die gesin, en (3) die familie as die primêre groepe in die moderne samelewing is.

Oor die algemene aard van die samelewingsverhoudinge (sekondêre en pri= mêre) sê enkele skrywers die volgende:

1. Spier: "dat er in de menselijke sameleving een rijkdom van verhoudin= gen is, dat een mens met z'n medemensen in talrijke relaties staat. Immers hij is lid van een gezin, burger van een staat, werker in een bedrijf, hij behoort tot een bepaalde kerk, hij is opgenomen in aller= lei verenigingen en hij heeft nog vele andere relaties met andere mensen bv. als vriend...... als koper, verkoper enz." 2)

2. Fairchild sê die verhouding kan wees. "Any connection between two or more individuals, two collectivities, or an individual and a collectivity. Such connection may be associative or dissociative direct or indirect, immediate or remote, real or imaginary." 3)

---

1. Anderson & Parker. Society. Its organization and operation, p. 8.
2. Spier. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, p. 171.
3. Fairchild. Dictionary of sociology, p. 255.

3. "Individuals are all social individuals. Social relations do not exist outside, but only within the beings thus related. They are not exter= nal things, like the couplings which join railway carriages. The re= lation of father to son, for example, does not lie as it were in some intermediate area between them. It consists in the quality of father= hood on the one side and the quality of sonship on the other, stimula= ting the sense of obligation and effection in each." [1]

4. "Every norm recognized by a social agent as his duty toward somebody else is a component of a social system in which this agent and the ob= ject of his duty are bound together as partners. We call such system a social relation." [2]

ŉ Ontleding, klassifikasie en samevatting van die vorige en ook ander omskrywinge dui onteenseglik op die volgende:

Die mens is ŉ sosiale wese (nommers 3 en 4). Dit is dus duidelik dat ŉ verhouding uit die sosiale aanleg van ŉ mens voortkom. Spier stel dit so: "een mens (staat) met z'n medemensen in talrijke relaties" [3], want die mens is toegeskape en afgestem op sy medemens. [4] Die verhoudinge tussen mense in enige samelewing is van primêre belang, want hierdie "con= nection between two or more individuals", waarvan Fairchild praat, is vir ons doel in die verhandeling van groot betekenis, veral die verhouding wat ontstaan tussen lede van byvoorbeeld ŉ gesin, burgers van ŉ staat, werkers in die bedryf, lidmate van ŉ kerk, deelname aan verenigings en ander ver= houdinge in organisasies.

Die grondgedagte en basis van ŉ verhouding behoort te wees dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself. Hierdie naaste is almal wat op jou weg kom met wie saamgewerk moet word en wat mens se hulp nodig het.[5]

---

1. MacIver. The elements of social science, p. 150 - 151.
2. Znaniecki. The method of sociology, p. 114.
3. Spier. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee, p. 176.
4. Van Dijk. Mens en medemens, p. 10.
5. Brillenburg-Wurth. Het christelijk leven in huwelijk en gesin, p. 245.

Die aard van die menseverhoudinge in die moderne samelewing

Die leefwyse van 'n gemeenskap is die produk van die menslike aktiwiteite, soos dit deur kultuuroordrag en die sosialiseringsproses gestel en teweeggebring word en tot uiting kom in die menseverhoudinge onder mekaar.

In die interaksie van die gesin en gemeenskap vind ons vandag die moderniteit,wat die volgende inhou: "on the one hand there is a new emergence of the individual, with opportunities for initiative and choice. On the other hand (there) is the absorption, or flattening out of the individuality in the mass, resulting in what Richard Hoggart has called a "faceless culture". Put differently, the contradiction is the increasing need for intelligently responsible behaviour in a world that makes responsible behaviour increasingly difficult." [1] Die beeld van die wêreld "wordt overwegend bepaald door het denken, waarin natuurlijk emotionele en sociale factoren een belangrijke rol spelen; de levensstijl is overwegend de praktische houding die mensengroepen aannemen, dikwijls zonder zich bewust rekenschap te geven van de krachten, die daarin een rol spelen". [2]

Om die invloed van die samelewing op die gesin aan te toon, kan ons saam met Banning vra: "wat gebeurt er in een bepaalde maatschappelijke constellatie met de mens?" [3]

Daarom is dit van belang om te weet watter groepsmagte in 'n samelewing van alle tye hul invloed laat geld het. Die vernaamste krag of magte van 'n samelewing is gesetel in verskillende samelewingsvorme, waarvan die belangrikste in breë trekke behandel word om daardeur die invloed op die gesin aan te toon. Aandag word gegee aan die kerk,die staat, die bedryf en die skool.

---

1. Jeffreys. Personal values in the modern world, p. 25.
2. Banning. Machten en mensen, p. 23.
3. Ibid., p. 11.

## B. DIE INVLOED VAN DIE KERK AS SAMELEWINGSVORM OP DIE GESIN

### Definisies en omskrywinge van die kerk

Volgens MacIver en Page kan die kerk omskryf word as behorende tot die godsdienstige gemeenskappe.

1. Van Dijk sien die kerk as "het op de eis der Goddelijke Woordopenbaring gegronde geloofs- en cultesverband van Christ-gelovigen in de eenheid van belijdenis en eredienst en onder de leiding van de geïnstitueerde ambten tot de dienst des Woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde." 1)

2. "Die kerk is na sy wese die tydelike en plaaslike gemeenskap van gelo= wiges in Christus deur die Gees van God vergader rondom Sy Woord." 2)

3. "De kerk is, volgens de uitspraken des Nieuwen Testaments, eene verga= dering van geloovigen, die krachtens den drang, door den Heiligen Geest in hem gelegd, zich vereenig en tot de bediening van het Woord, de sa= cramenten en de gebeden, en die zich organiseeren onder de leiding van het ambt." 3)

4. "The church is not a static body. It is not just an organization, a mere piece of machinery. It is therefore dynamic, having power to move and to start movement in others. In other words it is not an end in itself; it looks beyond itself and has a double function, a duty both to God and to mankind. In this respect it reminds one of the summary of the Mossaic Law: to love God with all the heart and soul and mind and strength and one's neighbour as oneself. So the Church's double duty is to worship God and to proclaim him to mankind." 4)

Met 'n analise en klassifikasie van definisies en omskrywinge van die kerk, kan die volgende gestel word.

---

1. Van Dijk. Mens en medemens, p. 106.
2. Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool, p. 553.
3. Bouwman. Gereformeerd kerkrecht, p. 53.
4. Wand. The church today, p. 88.

1. Deur die Gees van God gelei, soos in nommers 2 en 3 gestel, word die mens in die geleentheid gestel om te glo en
2. deur die geloof (vgl. 1, 2 en 4) vergader die gelowiges.

Sodoende word 'n samelewingsvorm deur die eenheid van geloof op grond van Gods Woord (nommers 1, 2 en 4) tot diens en verering van God Almagtig georden deur die instelling van die ampte (nommers 1 en 4) om die dubbele funksie, "to worship God and to proclaim him to mankind",[1] daar gestel om as bruid van Christus solank voorberei te word vir sy koms, en deur die gebruik van die sakrament (4) dit te doen tot sy gedagtenis.

Die gemeenskapsaard van die lidmate van die kerk word deur die geloofs=funksie en eenheid van belydenis, sakramente, leer en wandel saamgebind in die kerk as instituut, met die Woordmag van God as funderingsfunksie.

Ons kan die kerk beskryf as die samelewingsvorm waar gelowiges deur die Gees van God gelei word. Met 'n gemeenskaplike geloof en belydenisskrif=te en ook deur die gebruik van die sakramente onder toesig van die ampte, vergader hulle rondom die Skrifwoord om God te eer en te dien.

Die invloed van die kerkinstituut op die huisgesin

Die kerk het dus die roeping om aan die belydende lidmate (ouers) die nodige geloofskennis en geloofsleiding deur Woord, prediking, tug en huis=besoek te verskaf sodat hulle opgewasse is vir die onderrig van hulle kin=ders by die huisaltaar. Hierdie proses begin by die doop en word voort=gesit by die huisgodsdiens, katkisasie en die aflê van die geloofsbelydenis, om so te kom tot volwaardige lidmaatskap van die kerk. So oefen die kerk deur sy bestemmings- en funderingsfunksie 'n invloed uit op die huisgesin. Die invloed van die kerk is dus bedoel vir alle mense, alle lidmate, doop=lede, kinders en jongmense en die invloed van die kerk raak dus die gesin in sy kern.

Die kerk doen ook 'n beroep op alle lidmate (lede van die gesin) om die gemeenskap van die heiliges te beoefen. Die kerk moet dus sorg vir die verkondiging van die Woord.

---

1. Wand. The church today, p. 88.

deur die predikant, die toesig van die ouderlinge, die barmhartigheidsdiens deur die diakens en die roeping van die gelowige lidmate. Die kerk moet dus toesien dat die koninkryk van God op aarde uitgebrei word omdat hy met gesag beklee is.

Die kerk se gesag bly steeds Woordgesag wat die innerlike dryfveer vir die bestaan en voortbestaan van die kerk as samelewingsvorm is.

Omdat die kerk onderhou en in stand gehou word deur sy lidmate, het die kerk ook 'n vormende en opvoedende invloed op sy lidmate, en by name die gesin, deur die verkondiging van die Woord, die gebruik van die sakra= mente en die uitoefening van die tug.

Deurdat die Woord vir die Christengelowige die beginsels verskaf vir die positivering van sy norme wat sy verhoudinge in alle samelewingsver= bande behoort te lei en te rig, sal dit sy verhouding teenoor sy naaste beïnvloed. Die Christengelowige bou dan ook sy lewens- en wêreldbeskou= ing op die Woord van God. Op hierdie wyse en in hierdie lig bepaal dié norme ook die gesinsverhoudinge.

Daar is egter ook faktore en magte wat die verhoudinge vertroebel soos met enkele voorbeelde aangetoon sal word.

Die mobiliteit onder die bevolking, veral tussen stad en platteland, sowel as binne hierdie gebiede, veroorsaak dat "'n tradisionele kerkganger (wat) naar een andere plaats verhuist .... tien tegen een breuk met de kerk;"[1] In baie gevalle hang die onkerklikheid nou saam met gesinsmobi= liteit en moeilike huislike omstandighede, sodat 'n gebrek aan godsdienstige opvoeding ontstaan. Die kerk en die gesin is hierin betrek wat negatiewe invloede en spanninge wedersyds ontketen.

Die snelle vooruitgang op ekonomiese en tegniese gebied veroorsaak dat sommige van die lidmate, in plaas van hul vertroue in die geloof en gees=

---

1. Kruyt. Onkerklikheid in Nederland, p. 280.

telike verryking te stel, nou wetenskaplike bewyse vir die Bybel wil vind. Die geloofsband, wat die gemeente moet bind, word nou aangetas en die lid= mate, by name die gesin, soek na selfgemaakte bindinge, of te wel vryheid. Die gevolg is kerkloosheid en kerklosheid, soos Venter dit stel: "Die ge= loofsgemeenskapsverhoudinge en voorheen so kenmerkende samehorigheidsge= voel wat 'n eenheid in belydenis en lewenswandel te midde van die verskei= denheid gekenmerk het, is vinnig besig om die karakter van 'n "Gesellschaft" aan te neem." [1]

Die liefde tot en vir die naaste ontbreek. Gevolglik word die ver= houding van mens tot medemens aangetas en is dit duidelik dat die onder= linge liefdesgemeenskap, wat gefundeer is in die vertikale liefdesband tussen God en die mens en wat deur die kerk verkondig word nou horisontaal en stoflik gerig is. Hierdie koudheid en liefdeloosheid werk soos 'n boe= merang - dit beïnvloed die gesonde wisselwerking tussen die kerk en die gesin in die proses van sekularisme.

Op dieselfde manier kan die wese van die betekenis van die kerkgemeen= skap vir die gelowige ook na vore tree en is daar "no truer conception of the good society or the good citizen than that displayed in the life and teachings of Jesus. His life and teachings have changed the face of his= tory. With all the imperfections of individual Christians and of the Christian Churches themselves, Christianity has been the most enduring ci= vilizing force seen in the World." [2]

Met hierdie aanhaling word ons geplaas midde in o.m. die opvoedings= werksaamheid van die kerkinstituut[3], want die kerk het beslis o.m. die pe= dagogiese aspek: "it canalizes religious behaviour, and does much educating and some disciplining".[4] Die opvoeding van die mens tot kerklidmaat en Christengelowige geskied aanvanklik deur geboorte, (verbondsouers en ver= bondskinders) en die Heilige Doop, huisgodsdiens, Sondagskool en katkisasie wat mettertyd bekroon word met die aflegging van die belydenis van die

---

1. Venter. Die samelewingskrisis: Die vraagstuk van gemeenskap, p. 84.
2. Citizens growing up at home, in school and after. Published for the Ministry of Education, His Majesty's Stationary Office, p. 10.
3. Coetzee. Skool, huis, kerk, staat. Koers in die krisis, deel 1, p. 326 - 327.
4. Koenig e.a. Sociology. A book of readings, p. 212.

geloof, waardeur so iemand aangeneem word as volwasse en volwaardige lid=maat van 'n bepaalde kerk.[1] Dit is die vrug van 'n eie bepaalde behoefte en begeerte wat God van elke mens eis.

Hiermee is in breë trekke aangetoon hoedat die kerk as geloofs- en belydenisgemeenskap die mens opvoed en onderrig om sy geloofsinhoud en ken=nis te verstewig. Hierdie bybring van kennis deur middel van kategetiese onderwys en leiding, verkondiging van die Evangelie by die openbare ere=diens en by die huisbesoek. Sulke kennis is in die eersteplek geloofsken=nis en die onderrig van die kerk is geloofsonderrig. In hierdie taak en roeping bly die kerk altyd getrou aan sy bestemming as geloofsgemeen=skap wat die kennis van konfessionele aard maak.

Omdat die kerk 'n geloofsanker in die lewe van 'n lidmaat en elke mens behoort te wees, vorm die sisteem van godsdienstige verhoudinge 'n duur=same binding wat die gedragswyse van 'n mens bepaal, soos hy gelei en ge=rig word deur sy persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef. Die kerk as samelewingsvorm het dus 'n leidinggewende en rigtinggewende invloed in en op die samelewing van mense. Hierin het die gesin 'n sentrale plek omdat die gesin tot taak het om onder meer die mens en kind op te voed tot kerklidmaat.[2]

In die samelewing bevind die gesin hom midde in die samelewingsto=taliteit, want die lede van die gesin is nie net alleen die lede van die gesin en die lidmate van die kerk nie, maar hulle is ook terselfdertyd die burgers van die staat.

## C. DIE INVLOED VAN DIE STAAT AS SAMELEWINGSVORM OP DIE GESIN

Alvorens ons op die invloed van die staat as samelewingsvorm op die gesin kan wys, wil ons eers enkele definisies en omskrywinge van die staat gee om die aard, doel en taak daarvan aan te toon.

---

1. Van der Walt. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool, p. 556.
2. Waterink. Theorie der opvoeding, p. 99.

1. "If we glance at mankind distributed all over the world, we find that no matter what his colour, religion, circumstances, or state of civiliza= tion is, with few exceptions, banded together with his neighbours in some sort of organized community with certain rules or laws of behaviour and some person or persons called the governor, governing body, or goverment of the community."[1)]

2. Demant se siening van die staat is: "..... it is the institution which co-ordinates the activities, not of abstract individuals and groups as mere numerical entities, but of individuals and groups doing certain things .... the state is a perfect society the purpose of which is to promote the temporal well-being and happiness of its members, the adjective "perfect" signifying here, sovereign in its own sphere ...... it becomes sinful when it overpasses its true purpose. The purpose of the state therefore is the co-ordinating of all such organized social activities as are pu= blic in their effects, by their rights according to their functions."[2)]

3. "The state, therefore is not the community, but a system of institu= tions, and therefore regarded as a union of human beings, an association. Now the state system includes along with the machinery of law and adminis= tration the constituent authority on which goverment rests."[3)]

4. "De staat is niet de andere, de vreemde, tegen de welke elke burger achterdochtig is en zich moet weren. De staat is niet de vijand tegen dewelke men zijn have en goed te verdedigen heeft. De staat is niet een werkelijkheid die zich buiten het leven van de burgers, de families, de standes en de naties houdt. De burgers, de families, de standen en de naties vormen en zijn de staat". [4)]

Met 'n analise van die genoemde en ander definisies en omskrywinge, kan die volgende gestel word:

1. Die staat is 'n instelling, soos aangedui in nommers 2, 3 en 4 wat be= staan uit alle groepe met sosiale aktiwiteite in 'n groot assosiasie

---

1. Farrell. An introduction to political philosophy, p. 1.
2. Demant. God, man and society, p. 181 - 183.
3. Hobhouse. Social development, p. 50.
4. Lauwers. Inleiding tot de sociale wijsbegeerte, p. 216.

waarin orde heers.

2. Hierdie instellings is 'n regsgemeenskap wat moet sorg dat orde, wet en reg gehandhaaf word deur die toepassing van gesag, geregtigheid, wet=gewing en swaardmag, sodat gehoorsaamheid en orde in so 'n gebied kan heers.

3. Die doeltreffendheid van die staat hang af van die verhouding tussen owerheid en onderdaan, en die mate waarin die owerheid daarin slaag om 'n ordelike administrasie te skep deur wetgewing en met die samewerking van die onderdane.

Die staat is dus 'n regsgemeenskap wat die regsverhoudinge tussen ower=heid en onderdane reël op die grondslag van die swaardmag.[1)]

Die invloed van die staat op sy onderdane, dit wil sê ook op die huis=gesin, moet nou bespreek word.

Invloed van die staat as samelewingsvorm op die gesin

"Banning heeft zeer kernachtig de geweldige invloed die de staat op het leven van de burgers (dit wil sê die gesin) uitoefent, beschreven. In zeer sobere trekken toont hij hoe de burger van de wieg tot de graf door de staat begeleidt wordt. Heel het leven van het burger wordt elke dag uiterlijk en innerlijk, bewust en onbewust, rechtstreeks en onrechtstreeks, door het leven van de staat beïnvloed."[2)] Hierdie owerheid-onderdaanver=houding begin in die gesin, soos reeds tevore aangedui is, en groei uit tot burgerskap.

Die verhouding tussen owerheid en onderdaan kan ons sien en bemerk in wat die staat van sy onderdaan verwag. Die staat het 'n "houvas" op sy onderdaan en in hierdie verband word die gesin betrek, want "government is one of the major factors in our lifes today. When we are born, our birth must be re=

1. Van Dijk. Mens en medemens, p. 110.
2. Lauwers. Inleiding tot de sociale wijsbegeerte, p. 219.

gistered with the government. Governmental regulations regarding sanita= tion and contagion protect our childhood. Education is furnished for us by the government. In building a house to live in, we must conform to the legal specifications regarding space, light, plumbing and water. A fair= sized proportion of all the money we earn must be paid to the governement in taxes. State policies affect the price and amount of food and clothing and fuel we consume ........ It protects us from enemies on the outside of our state and from hazards within our community." [1]

Die funksies van die staat sluit onder meer ook in dat die verhouding tussen owerheid en gesin beïnvloed word deurdat die staat "de waarde van het huwelijk (moet) eerbiedig.

Aan de familie moet hij een statuut schenken, een ware familiale po= litiek voeren o.a. op gebied van de woningen en van de steun aan kroostrijke gezinnen."[2]

Die staat eis van die ouer(s) dat hulle die geboorte van kinders moet registreer, waarmee potensiële wetsgehoorsame burgers geleide betrek word in die ordelike administrasie van die staatsverband.

Die siening van Lauwers dat "de staat mag in de opvoeding tussenbeide komen omwille van het algemeen tijdelijk welzijn. Zijn taak is echter slechts de opvoeding te bevorderen en te beschermen,"[3] dui direk op die op= voedkundige mag van die staat, naamlik bevordering en beskerming.

Wat die mag van die staat betref, moet die staat poog om wetsgehoorsa= me, lojale en volksvaste burgers vir die staat op te voed, want "wij sien maar al te dikwijls dat vele burgers geen staatszin hebben. Zijn menen, be= wust of onbewust, dat de staat de zaak is van allen, dus van niemand, dat alles toegelaten is tegenover de staat."[4]

---

1. Ogburn & Nimkoff. A handbook of sociology, p. 407.
2. Lauwers. Inleiding tot die sociale wijsbegeerte, p. 210.
3. Ibid., p. 125.
4. Ibid., p. 125.

Daar word egter 'n beroep op die innerlike van die potensiële volwas= sene gedoen om nasietrots en vaderlandsliefde te ontwikkel, om sodoende 'n beter verhouding tussen onderdaan en onderdaan, en onderdaan en owerheid te bevorder. Op dié manier word ook nasietrots en volksverbondenheid opge= bou en ingeskerp.

Die burger moet sy land en volk ken en moet insig in die staatsinstel= ling hê, maar hy moet ook 'n morele houding aanneem teenoor die staatslewe. Daar moet verpligte militêre opleiding vir almal met 'n bepaalde ouderdom wees.

Die staat moet ook, wat sedelikheid betref, opvoed. Elke landsbur= ger moet kan onderskei tussen reg en verkeerd, mooi en lelik, skadelik vir die algemene welsyn, ensovoorts. Ons kan dit omvattend stel naamlik die geestelike en sedelike welsyn van almal binne die landsgrense moet nagestreef word.

Die staat sal dus positief moet ingryp op wat "anderen tot nadeel (kan) zijn en zonder welker verbod de menselijke gemeenschap niet zou kunnen voortbestaan."[1)]

Deurdat staatsveiligheid voorop staan en nagestreef word, ontstaan 'n goeie verhouding tussen owerheid en onderdaan. Die onderdaan sal hom dan ook gewilliglik onderwerp as gehoorsame landsburger en so word die invloed van die staat op die gesin oorgedra en omgekeerd.

Ook word die vrou, die dogter en die seun betrek in die noodbeplannings= funksie. Hierdie opvoeding is gerig op die veiligheid en welsyn van al sy onderdane, met ondermeer die verpligte militêre opleiding vir jongmans in ons land. Op die manier werk die dissipline, hoflikheid en lojaliteit van byvoorbeeld die polisie (amptenare in die staatsdiens) deur tot in die gesin, deurdat die persone, wat in diens is, ook in die gesinsverband be= weeg. Die gesin word dus wesenlik deur die staatsopvoeding geraak, al is dit ook grotendeels tot die militêre- en polisie- opleidingsdienste beperk.

---

1. Lauwers. Inleiding tot die sosiale wijsbegeerte, p. 125.

Om die openbare welsyn van sy onderdane te bevorder, help die staat byvoorbeeld die gesinne met behuising deur subsidies.

Die staat sien ook om na die gesondheid van sy onderdane byvoorbeeld in gesinne, deur in sommige gevalle gratis hospitaaldienste aan gesinne te verskaf, asook bepaalde mediese skemas. Daar word onder andere ook ge= waak teen aansteeklike siektes, wat die volksgesondheid en gesinsgesond= heid kan aantas, deurdat die staat immuniseringsdienste verskaf.

Verder kan ons ook noem dat die staat, wat godsdiens betref, sy on= derdane toelaat om verdraagsaam en met vryheid hul godsdiens te beoefen. Verder deel elke huisgesin in die funksie van die bevordering en oordrag van kultuur om 'n volkskultuur op te bou.

Ons kan dus sê dat die staat deur middel van reg, orde en mag be= skerming verleen aan die veilige bestaan en voortbestaan van die mense en gesinne in hulle hoedanigheid as onderdane van die staat in 'n bepaalde ter= ritoriale gebied.

## D. INVLOED VAN DIE BEDRYF AS SAMELEWINGSVORM OP DIE GESIN

"De kernvraag van de moderne industriële ontwikkeling is de vraag wat er terecht komt van menselijkheid en vrijheid in de diepste zin van het woord, en welke taken daaruit volgen op de verschillende levensterreinen."[1)]

Om die invloed van die bedryf te kan toon, moet ons eers aandag gee aan die volgende:

### Definisies en omskrywinge van die bedryf

1. Van Dijk omskryf die bedryf as: "het samenlevingsverband waarin arbeid en kapitaal (technische apparatuur) rationeel zijn georganiseerd tot de productie van nuttige goederen en diensten."[2)]

---

1. Banning. Machten en mensen, p. 27.
2. Van Dijk. Mens en medemens, p. 115.

2. "het is een stuk maatschappelijk leven waaraan men technologische, eco= nomische, psychologische, sociologische en cultuurfilosofische aspecten kan onderscheiden, die op allerhande manieren samenhang."[1]

3. Na die bedryf word ook verwys as: "...... vast integrated concerns un= der a singele control, such as banking, insurance, construction and si= milar undertakings. Usually, however, it refers to manufacturing or mining operations, carried on by power machinery, with the use of advanced production techniques, requiring the employment of a considerable labor force working simultaneously in proximity, under a common management and control."[2]

In 'n analise van die genoemde en andere definisies en omskrywinge kan die volgende gestel word:

Uit die definisies en omskrywinge blyk duidelik dat die mens die tegniek bemeester het, en deur die organisasie van arbeid, kapitaal en grond het die bedryf tot stand gekom, om deur die produksie van goedere in die basiese behoeftes van die mens te voorsien. Sodoende word die peil van behoeftebe= vrediging, naamlik die lewensstandaard, verhoog.

Die bedryf is dus daardie deel van die samelewing waarin die tegnologiese, ekonomiese, psigologiese, sosiologiese en kultuur-filosofiese aspekte en ander op allerhande maniere saamhang en funksioneer. Op elk van die genoemde gebiede word die gesin betrek en hier kan ons meld dat, vanaf die begin van die industriële rewolusie, die huishouding, byvoorbeeld beïnvloed is deur die bedryf. Nie net is en word die bereiding van voedsel vergemaklik nie, maar help ongereelde werktye ook mee in die "gesellschaft"-idee van die familie en die gesin deurdat baie gesinslede eintlik by mekaar verbyleef.

Sosiologies gesien, moet daarop gelet word dat die industriële bedryf, wat bestaan uit die vrug van die tegniek en die ekonomie, wat die stukrag vorm, en die psigologiese oriëntering van die werkgewer en werknemer, dus

---

1. Horringa aangehaal deur Theron. Enkele grondvrae in die bedryfsosio= logie, p. 32.
2. Fairchild. Dictionary of sociology, p. 155.

ook die lede van die gesin is wat op 'n baie wye gebied in die samelewing na vore tree. Onlosmaakbaar saam met die bedryf tree dan ook die ander hulpdienste na vore, soos die bankwese, die assuransiewese, die poswese, die vervoerwese met sy vertakkinge en openbare dienste.

Daar is dus 'n voortdurende proses van wisselwerking aan die gang tus= sen werkgewer en werknemer, werknemer en werknemer; staat en bedryf; staat, bedryf en buiteland met telkens die lid van die gesin, wat in sy hoedanigheid as werkgewer of werknemer in 'n interaksie en vervlegting met sy medemens staan.

Ons kan die bedryf dus beskryf as daardie deel van die samelewing wat die mens, tot stand bring om in sy behoeftes te voorsien, deur organisasie van arbeid en kapitaal en deur die aanwending van die wetenskap en tegniek, naamlik die primêre en sekondêre nywerhede, met die aanvullende hulpdienste.

Vervolgens wil ons wys op:

Die invloed van die bedryf op die huisgesin

Treffend is die woorde van Goethe aan Wilhelm Meister: "Wat mij drukt is een zorg niet alleen voor het heden, maar voor alle toekomst. Het hand over hand toenemende machinewezen kwelt en beangstigt mij, het komt over ons als een onweer, langzaam, maar het heeft zijn koers genomen, het zal komen en inslaan ......." [1]

Hand aan hand met die tegnologie gaan die wetenskap wat deur La Piere[2] beskryf word: "pure science has as its immediate objective the extention of human knowledge and as its ultimate goal the increasing of human satisfac= tions."

Die wetenskap en tegniek wat deur die organisasie van arbeid en kapi= taal omgewerk word om die bedryf tot stand te laat kom, veroorsaak dat so= siale verandering intree. "In utilizing all manner of techniques he pro=

1. Banning. Machten en mensen, p. 66.
2. LaPiere. Sociology, p. 307.

vokes social changes far more extensive and profound than ever be intended. It is as when we build a new house and discover afterward that we must change our settled habits to live in it. Here, then, is another source of social instability. In devising new means to satisfy old wants, we stimulate new wants as well. When only a few generations ago the steam engine was made to work for man, neither the inventors nor the users realized that they were precipitating great social changes which would overturn old customs and institutions, old political systems and even old gaiths. When the telephone and the automobile and the radio were made practicable, men did not dream of the ways in which these inventions would influence the life of the family."[1)]

So ŉ uitvinding soos die radio as ŉ voorbeeld, het egter nie dieselfde uitwerking op alle mense nie, want dit hang af van die waarde wat aan so ŉ uitvinding geheg word. "The Radio, for example can become an agency to promote international goodwill or, if powerful governments so decide, a means of keeping the nations apart, suspicious and misinformed."[2)]

Wanneeer die radio as ŉ instrument gebruik word om ŉ goeie internasionale verhouding in lande teweeg te bring, raak dit direk die burgers van die betrokke land, en daarmee die gesinne om sodoende ŉ beter gesindheid teenoor die ander te openbaar. Die teenoorgestelde kan egter ook plaasvind, sodat agterdog en wantroue in die gesinne as burgers van die land kan ontstaan.

Noodwendig moet die geografiese ligging, die grondstowwe en die arbeid die lokalisering van die bedryf bepaal. Dit op sigself bring mee dat ŉ proses van verstedeliking plaasvind, sodat die arbeider na en in die nabyheid van sy werk kan wees. Dit veroorsaak dat "more and more, as the development and the application of the new techniques advanced, they stripped the family of its economic functions and in so doing profoundly affected the whole character and the social significance of the family. They increasingly took both the work and the workers out of home. Above all, they

---

1. MacIver & Page. Society. An introductory analysis, p. 516.
2. Ibid., p. 516.

drew larger numbers of women into workshops and factories and offices. They broke down the age-old doctrine - 'man for the field and woman for the hearth'. They gave wives and daughters some earning power indepen= dent of the jurisdiction of husbands and fathers. For the first time in history the work of women began to be specialized like that of men instead of being devoted to the promiscuous tasks of the household."[1])

Die voorgaande siening van MacIver and Page sluit mooi aan by die siening van Tönnies, waarin ons kan sien dat die "Gemeinschaft-idee" in die gesin plek maak vir 'n "Gesellschaft-gedagte", as gevolg van die in= vloed van die bedryf. Die huis word nou die parkeerplek vir die nag en 'n vulstasie in die dag as gevolg van die skofwerk en die feit dat die vrou in baie gevalle ook moet werk en nie haar huislike pligte behoorlik kan nakom nie.

Die huislike atmosfeer word menigmaal versteur en kan lei tot kin= derverwaarlosing, selfs huwelikspanning en uiteindelik egskeiding.

Die bedryf, wat ook die vroue-arbeid trek, kan die vrou ekonomies onafhanklik van haar man maak en waar die vrou in baie gevalle meer as die man verdien, kan die man 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel met nadelige gevolge. Die gesin word sodoende negatief beïnvloed deurdat die vader nie meer sy verantwoordelihede wil of kan aanvaar nie. Selfs in die groot masjien van die bedryf is die arbeider nou slegs 'n ratjie wat daar moet wees. Sy arbeid is nie meer sy eie verantwoordelikheid nie, maar dié van sy "baas". Dit bring mee, volgens Banning, dat daar in die bedryf, volgens die skema van Colin-Clark, onderskei kan owrd tussen drie sektore: "de primaire agrarische sektor, waar voeding en grondstoffen voor kleding worden bereid; de secundaire, industriële sektor, en de tertiaire zgn. dienstsektor, omvattend handel, administratie maar ook onderwijs en reparatie." [2])

---

1. MacIver & Page. Society. An introductory analysis, p. 253.
2. Banning. Moderne maatschappij-problemen, p. 55.

Volgens die arbeid wat verrig word, plaas of groepeer die mens homself in een van die sektore, waar nog altyd 'n wisselwerkende verhouding onderling bestaan.

Waar die staat sy onderdane wil opvoed tot gehoorsame en goeie burgers, wil die bedryf sy arbeiders ook opvoed tot goeie werkers. Die invloed van die bedryf het meegebring dat spesifiek vir die bedryf opgevoed word. In dié verband dink ons aan tegniese- en handelskole en tegnologiese institute. Selfs kursusse in besigheidsbestuur word aangebied. Spesialisasie van die lede van die gesin word 'n vereiste en in baie gevalle is dit nie meer die geval dat die seun sy vader opvolg nie.

Die bedryf veroorsaak ook dat kerloosheid en onverskilligheid teen= oor die kerk intree, deurdat skofwerk en werk wat gedurende die nag verrig word, die lidmaat verhinder om sy plig en verantwoordelikheid teenoor sy kerk en sy God na te kom.

Kort gestel, wil ons dan sê dat die bedryf die volgende uitwerking in die samelewing het en wat dan ook die gesin raak:

(i) "mass production of goods;
(ii) a shift of population from farms to cities;
(iii) a steady stream of new products making life easier and more pleasant;
(iv) an increase in the variety of jobs open to the individual;
(v) a demand for large numbers of persons with specialized training;
(vi) the lightening of human labor and a great increase in the amount of leisure time;
(vii) terrifying weapons of war;
(viii) a breakdown of traditional values;" [1], massifikasie en vertede= liking ensovoorts, wat almal magte is wat 'n groot impak op die gesinslewe het.

Waar ons in die hoofstuk dusver die aandag toespits op die invloed van die bedryf op die huisgesin, moet ons vervolgens nog aandag gee aan:

---

1. Ottaway. Education and society, p. 122.

## E. DIE INVLOED VAN DIE SKOOL AS SAMELEWINGSVORM OP DIE HUISGESIN

Ons gaan dus eers aan die hand van definisies en omskrywinge die skool as samelewingsvorm beskryf:

1. "A typical school of the present day is to be regarded as not merely a 'place of learning', but as a social unit or society of a peculiar kind in which the older and younger members, the teachers and the taught, share a common life, subject to a constitution to which all are in their several ways consenting and co-operating parties."[1)]

2. "In ons moderne samelewing is die skool die plek of instelling waarin die jeug van die volk sy nodige ligaamlike en geestelike vorming en opvoeding ontvang. Dit is 'n instelling wat ontstaan het besonderlik vir die doel om te onderwys en op te voed. Die skool het geen ander roeping as die van onderwys en opvoeding nie; die wese van die skool sal altyd bly die onderwys wat dit gee, en daardeur word dit ook 'n in=rigting vir opvoeding want alle onderwys werk opvoedend."[2)]

3. Die skool word ook beskryf as "a mirror to reflect the image of the wider community into the lives and minds of students, it performs the important and necessary function of teaching about the nature of the world and of man. It teaches also that the world is changing, and shows how these changes affect the welfare of the students and their families."[3)]

4. "A school is an assembly of persons gathered together for the purpose of devoting themselves to the aquirement of knowledge and to the cul=tivation of body, mind and spirit."[4)]

---

1. Ottaway. Education and society, p. 122.
2. Coetzee. Skool, huis, kerk, staat. <u>Koers in die krisis,</u> p. 324.
3. Havighurst & Neugarten. Society and education, p. 318.
4. Davis. The school idea. Ancient and modern, p. 15.

Met 'n analise en klassifikasie van die genoemde en ander definisies en omskrywinge kan die volgende gestel word:

1. Uit die definisies en omskrywinge is dit duidelik dat die skool 'n in= stelling is wat moet voorsien in die vorming van die potensiële vol= wassene. Die skool vorm dus 'n deel van die samelewing deurdat ons in die skoolverband met kinders, onderwysers en ouers te doen kry wat ver= teenwoordigend van die samelewing optree.

2. Volgens die christelike lewens- en wêreldbeskouing kan ons sê dat die skool as instelling gefundeer is op die Skrif soos vervat in 2 Tim. 3 : 16, naamlik "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot le= ring, tot wederlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die gereg= tigheid."[1)]

3. Hierin vind ons dan ook die doel van die skool as samelewingsvorm, naam= lik "die aanpassing van die mens aan sy omgewing, die oefening van sy liggaam, die ontwikkeling van sy gees, die vervulling van sy lewenstaak, die gehoorsaamheid aan die owerheid, die vorming en ontwikkeling van sy verstand, sy deugdelike lewe, sy etiese vorming en ontwikkeling."[2)]

4. Die skool help dus ook om die mens (die potensiële volwassene of lid van die gesin) op te voed vir sy bestemming, naamlik om God te vrees.

5. As samelewingsvorm het die skool ook sy eie leerstof, metodes en teg= nieke van aanbieding en organisasie van die leerstof; en tug om die onvolwassenes, dit wil sê die kinders toe te berei en voor te berei vir die samelewing - die veelheid van roepings vir gesin, kerk, staat, bedryf ensovoorts. Daarvoor is dit nodig dat die skool kennis moet dra van die ander samelewingsvorme om in wisselwerking met hulle in die genoemde behoeftes te voorsien. Daarom sê Ottaway dat die skool nie net 'n plek vir leer is nie, maar ook 'n "social unit" in interaksie met ander sosiale sisteme, of soos Havighurst en Neugarten dit sien: "a mirror to reflect

---

1. Die Bybel.
2. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 291.

the image of the wider community -" (vgl. nommer 3.)

Samevattend kan ons sê die skool as instelling (vgl. nr. 2) het ten doel die opvoeding van die hele mens (vgl. 2 en 4). Daarom bestaan die skool uit die onderwysers as opvoeders en die leerlinge as opvoedelinge (vgl. 1 en 2), gevolglik is die skool dus ook 'n sosiale eenheid (vgl. nommer 1). Nie net word kennis oorgedra en geleer nie, maar word die kinders ook gesosialiseer en voorberei vir 'n doel in die lewe. Die skool dien dus as 'n spieël van die opvoeding en kultuur van die deel van die samelewing waarin hy gelokaliseer is, om die aangeleerde te reflekteer.

Die skool kan dus gestel word as die voortgesette en hulpverlenende opvoedingsbron van die ouers. Dit bestaan as instelling uit die opvoeders (onderwysers) en die opvoedelinge (kinders) wat op die pad na volwassenheid met kennis, kundighede en vaardighede vir hulle geestelike en liggaamlike vorming tot verantwoordelike persoonlikhede gelei en opgevoed word. Hierby kom dat gesag 'n fundamentele faktor is by alle opvoeding - dus ook by die skoolonderwys en -opvoeding.

<u>Die invloed van die skool op die gesin</u>:

Lauwers se siening is hier baie van pas: "School en jeugdorganisatie staan beiden in dienst van de familie en ontvangen hun gezag van de familie. In de familie vinden beiden hun bestaansrecht. De ouers vertrouwen aan onderwijzers en jeugdleiders hun opvoedingstaak en opvoedingsrecht toe."[1)]

Die skool het dus ook as instelling ontstaan om die taak van die ouers, ten opsigte van die intellektuele opvoeding van hulle kinders voort te sit. In die opvoeding kry die kinders (meesal onder die beheer van die skool) geleentheid om aan sekere verenigings en organisasies te behoort en sodoende kan "de jeugdbeweging aan hare leden een ideaal schenken. Door haar methode en techniek kan zij op gunstige wijze de opvoeding van familie en school aanvullen."[2)] Dit is nie net jeugbewegings wat onder beheer van die skool is

1. Lauwers. Inleiding tot die sociale wijsbegeerte, p. 125.
2. Ibid., p. 126.

wat 'n invloed uitoefen nie, maar alle jeugbewegings. Vir die doel van hier=die studie skenk ons aandag aan die skool en organisasies onder beheer van die skool. Wanneeer ons die twee aspekte wil skei, kan ons sê: "De school geeft onderwys (vorming van het verstand), maar ook opvoeding (vorming van de gehele mens)"[1] deur veral die kulturele bedrywighede en aktiwiteite.

Die invloed van die skool kom dus eerstens vanaf die onderwysers wat moet help met die opvoedingstaak waar die ouer dit nie meer kan behartig nie. Die indruk mag egter nou ontstaan dat leerlinge, van wie die ouers hulle tot 'n sekere standaard, wat betref vakonderwys, kan onderrig, nie nodig het om skole te besoek nie. Omdat ons 'n nasionale opvoedingstelsel het, moet daar aan voldoen word en is die ouer verplig om sy kind(ers) te laat onderrig in die skole.

Net so nodig as wat dit is dat die onderwysers en ouers dieselfde le=wens- en wêreldsbeskouing moet hê om mekaar positief in die opvoeding aan te vul, net so nadelig is dit wanneer die onderwyser en die ouers verskil=lende lewens- en wêreldbeskouinge het.

As gevolg van die lewens- en wêreldbeskouing, kan die onderwyser(s) se doen en late 'n positiewe of negatiewe invloed op die kinders of via die kinders op die gesin uitoefen.

In die opvoeding van die kind neem die gesin (die ouers) dus, in same=werking met die skool, die sentrale plek in en moet beide in wisselwerking en aanvullend, tot mekaar die opvoedingstaak aanpak. In die skool is die kind gedurigdeur onderworpe aan óf die onderwyser óf aan sy medeskoliere wat 'n invloed op hom kan hê. In die sosialiseringsproses kan die leerling dus deur goeie maats positief beinvloed word tot sy voordeel, of deur mindere goeie maats negatief beïnvloed word. "Benewens die huis oefen die skool 'n groot invloed uit op die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid. 'n Groot deel van die kind se ontwikkeling is die funksie van die interaksie met klasmaats, standaarde en norms wat deur maats sowel as die skool bewustelik of onbewustelik gestel word."[2] So kan "The dominative person therefore tends to cause conflict, and incites aggression, overt or hidden, in reply. He is

1. Lauwers. Inleiding tot die sociale wijsbegeerte, p. 125.
2. Van der Westhuizen. 'n Ondersoek na bepaalde persoonlikheidsverskille tussen kosgangers en dagskoliere aan hoërskole in Suidwes-Afrika, p. 5.

normally in a position of working against other people."[1] So 'n toestand kan deur 'n onderwyser of leerling veroorsaak word met die gevolg dat die leer= linge wat daarby betrokke is, so 'n saak na die huis sal neem en die ouers dan direk of indirek ook by die saak betrek word. Op die manier gaan die negatie= we invloed ook uit na die gesin.

"In a normal school community, some of the values, such as those of hard work and personal reliability, depend to a considerable extent on the regular personal insistence of the staff in the observance of certain standards."[2]

Die leerling wat in die skool gewoond is om gereeld goeie en harde werk te lewer, sal by die huis ook dieselfde werk lewer en al so bereik die eise wat deur die skool aan die leerling gestel word, ook die gesin. Deur goeie werk in die skool en huis te lewer, kan die gesinsbande verstewig word, want so 'n leerling sal tuis nie teen die goeie eise van sy ouers gekant wees nie. Die skool het hom dus positief beïnvloed.

Die invloed van die skool moet verder ook van so 'n geaardheid wees dat die "pupils the willing agents of their own education,"[3] moet wees. In die prefekstelsel kry die kinders met leier-eienskappe die geleentheid om te ont= plooi. Hul leer dus om verantwoordelikheid te aanvaar, en by die huis sal hul dus ook meer verantwoordelik optree. So werk die invloed van die skool deur tot in die gesin.

Die onderwyser kan die kind se belangstelling prikkel deur "to set before the pupils objectives that are real and significant to them and to which a re= quired portion of the syllabus can be attached."[4] Hierdie metode mag die leerling in so 'n mate prikkel dat hy by die huis meer omtrent 'n onderwerp sal wil weet en dat hy selfs sy ouers in dié verband sal nader.

So kan groepwerk ook met vrug in die skool aangewend word. Die kinders

---

1. Ottaway. Education and society, p. 137.
2. Collier. The social purposes of education. Personal and social values in education, p. 99.
3. Ibid., p. 171.
4. Ibid., p. 174.

werk onder die gesagsleiding van die onderwyser aan 'n taak. Die skool sit dus die sosiale funksie van die huis ten opsigte van groepwerk voort. Die skool laat sy invloed dus ook op die manier deurwerk tot op die gesinslede (kinders) wat tuis saam met die ouers 'n sosiale eenheid vorm met die ouers as gesagsdraers aan die hoof, onder die band van liefde.

In samewerking met die staat help die skool ook om vaderlandsliefde en trots by die leerlinge tuis te bring deur te wys op die volkseie en ook om by sekere geleenthede die volkslied te laat sing.

So word die kind ook tot die besef gebring van wat van hom verwag word as potensiële volwassene.

Deur die kadetbeweging kry die seuns die geleentheid om solank met die voorbereiding van hulle militêre opleiding te begin en sodoende selfdissipline en saamhorigheid aan te leer wat 'n vereiste vir 'n goeie staatsburger is. In die verband werk die skool en die weermag saam. Die seuns word dus al in die skool opgelei as burgers van die land. So tree die skool ook in wisselwerking met die ander samelewingsvorme op om die potensiële volwassene te help en te lei deur van metodes, tegnieke en tug gebruik te maak.

Aangesien die potensiële volwassenes verskillende beroepe gaan beoefen, is daar deur die staat nywerheids-, handels- en tegnieseskole opgerig waar= heen die leerlinge, wat tot die sektore in die bedryf wil toetree, kan gaan vir opleiding. Die skole beïnvloed en lei die leerlinge in die rigting van die bedryf.

Die gesin neem dus telkens, en in wisselwerking met die skool, die sen= trale punt ten opsigte van die leiding wat aan die potensiële volwassenes ver= skaf word, in. Die een samelewingsvorm beïnvloed die ander deur hulle gedurige samewerking, deurdat almal met 'n lid van die gesin te doen het wat die nodige leiding moet ontvang. Die gesin neem dus altyd 'n sentrale plek in.

## F. DIE INVLOED VAN VRYETYD EN ONTSPANNING OP DIE GESIN

Ons beoog om die lig so effens te laat val op wat vryetyd en ontspan= ning is en hoofsaaklik die negatiewe gebruikmaking hiervan deur middel van die misbruik van allerlei dwelmmiddels. Hier sal nie ingegaan word op die fisiese en psigiese uitwerking op die mens en die kind nie, dog ons kan vol= staan met die aanvaarding dat ernstige gedragsafwykings by kinders in hulle huise voorkom asook gevolge hiervan vir die menslike samelewing.

Aan die hand van enkele definisies en omskrywinge uit 'n groot hoeveel= heid moet ons vooraf vasstel wat die aard, doel en omvang van vryetyd en ontspanning is alvorens bepaal kan word wat die invloed hiervan op die mo= derne gesin is.

### Vryetyd

1. "De vrije tijd is een tijd zonder verplichtingen, die men doorbrengt met activiteiten welke met genoegen gepaard gaan. Activiteiten ook, waarmee men plotseling kan ophouden en die men door andere besigheden kan vervangen".[1]
2. "Leisure is popularly defined as the time we are free from the more obvious and formal duties which a paid job or other obligatory occu= pation imposes upon us".[2]
3. "Leisure time: The time remaining after the formal duties and neces= sities of life have been attended to - that is, free time, in which a person may do as he chooses".[3]
4. "In de besteding van de vrije-tijd krijgen de vermogens, die gedurende de arbeid min of meer braak hebben gelegen, hún kans ....... gelegenheid tot 'recreatie'.[4]

---

1. Pietersen. Sociologie van de sport, p. 9.
2. Schuler e.a. Outside readings in sociology, p. 553.
3. Sweedlun & Crawford. Man in society, vol. III, p. 303.
4. Kuylaars. Werk en leven, p. 29.

5. "Leisure, then, is merely part of a 24 hour day".[1]

Ontspanning

1. "Recreation is relief from toil. It is intended for the rest and re= building of wearied muscles and nerves and spirit".[2]

2. "Recreation, then, is what one does for the enjoyment there is in it, for no reward other than the activity itself and which does not con= tribute to earning a living".[3]

3. "Recreation is pleasurable exercise in which the energies, set free from work, are allowed to play in other directions".[4]

4. "Rekreasie is aan Latyn, recreatio ontleen en beteken herskepping. Dis 'n vryetydsbedrywigheid wat benewens spel tallose en wyduiteenlo= pende aktiwiteite .... skeppende en vermaaklike ..... insluit".[5]

Uit 'n analise en klassifikasie van die genoemde en ander definisies en omskrywinge van vryetyd en ontspanning kan die volgende gestel word: Son= der om in die besonderhede in te gaan kan ons die waarheidsmomente van die genoemde twee begrippe saamvat in die woorde van Nixon en Cozens[6] dat vrye= tydsbesteding en ontspanning die volgende behels:

1. "predominantly intellectual;
2. predominantly social;
3. predominantly artistic and
4. predominantly physical".

Volgens hierdie indeling kan vryetyd en ontspanning ook kombinasies van die vier bevat; en dat die prosesse van wisselwerking, opvoeding, normering, aanpassing en organisasie noodsaaklik is vir gesondgerigte kanalisering van

---

1. Nash. Philosophy of recreation and leisure, p. 115.
2. Curtis. Education through play, p. 12.
3. Winn. Encyclopedia of child guidance, p. 363.
4. Encyclopedia of religion and ethics, vol. I, p. 400.
5. Smit. Ontspanning en die gesin. Lantern, April - Julie 1960, p. 82.
6. Nixon & Cozens. An introduction to physical education, p. 150.

oortollige energie vir produktiewe fasiliteite vir vryetyd en ontspanning. Prinsipieel beskou en volgens Habermehl[1] is vryetyd ontleen aan die By= belse beginsel in die arbeidsgebot (Vierde gebod). In die motivering van die instelling van die Sabbat vind ons 'n duidelike begrensing en relative= ring van die arbeid.[2]

In die talle roepings van die mens mag hy nie slaaf word van sy arbeid nie. Dit bring mee dat hy sy arbeid moet kan los om te rus. Hier, betrek ons die vraagstuk van vryetyd wat sy motivering vind in die uitdruklike begrensing van die waarde van die arbeid.[3] Die mens het reg op verantwoor= delike vryetyd en ontspanning, dit wil sê vryetyd wat in 'n aktiwiteit om= skep is - dis 'n roeping saam met die ander roepings waarin die mens aan sy naaste en sy God toekom.

Maar nou word hierdie vryetyd negatief benut en dit begin in die huis= gesinne waar sommige ouers hulle kinders van geld voorsien en dan uitbeweeg na hulle velde van sosiale verpligtinge en genietinge. Die kinders benut hierdie geleenthede en soek daardie sessies van allerlei subkulture op wat die draers van sosiaalpotologiese kultusse is en dit versprei. Nou word dit in die gesinne ingedra.

Die ouers is onbewus van hierdie nagtelike ervaringe en eskepades van hulle kinders. In menige geval word ouers ontnugter wanneer hulle tiender= jarige kinders aangekeer word op aanklagte van drankmisbruik of dronkenskap, in besit wees van dagga en allerlei ander dwelmmiddels[4] - en selfs die ge= bruik en misbruik daarvan op die pad na verslawing en afhanklikheid daaraan. Dit is nie nodig om op die gevare hiervan vir die gesonde gesinslewe in te gaan nie - ons kan volstaan met die liggaamlike of fisiese en psigiese uit= werking en nadele van onder meer opiate of narkotiese middels; hipnotika of slaap- en berustingsmiddels; stimulante; hallusinogene of psigedeliese

---

1. Habermehl. Ons dagelijks werk. De christen in de industrie, p. 104.
2. Ibid., p. 104.
3. Van der Walt. Die plek van sekere geesteswetenskappe, met besondere verwysing na die plek van sosiologie in die opleiding van onderwysers, p. 40, 55.
4. Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: Wat, hoe en waarom, p. 48.

middels; inhaleermiddels en die oorsake van dwelmmiddelmisbruik ensovoorts.[1] en dan te beweer dat die fondament van enige samelewing vernietig word om= dat die stewige sement van die boustene (persoonlikhede) in die gesin beslis nie die ankerkrag van voorgenoemde dwelmmiddels kan weerstaan nie. Uit die huisgesin groei sosiologies alle ander menslike groepe - beskadig die ge= sinslewe en die samelewingsorde ly daaronder.

Ook in hierdie opset is die plek van die gesin in die sosiale orde van primêre belang, en die gesinsopvoeding van sy kinders vir diensbaarmaking aan die samelewing van kardinale belang - dit is 'n grondvereiste vir 'n ge= sonde en goedgeorgniseerde samelewing.

## G. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING

Aangesien die gesin midde in die samelewing staan en die verskillende samelewingsvorme in interaksie met die gesin is, en daarop inwerk, is dit duidelik dat die gesin 'n sentrale plek in die samelewing beklee en moet be= klee. Alle groepe groei nie net sosiologies uit die gesin nie, maar die gesin sorg ook vir die bestendige voorsiening en onderhouding van alle groe= pe in die samelewing. Op sy beurt oefen die samelewing deur middel van die geloofsmag en godsdienstige mag van die kerk;die reg, mag en orde van die staat; die ekonomies-industriële mag van die bedryf en die opvoedkundige mag van die skool 'n groot invloed uit op die gesin.

Teen hierdie agtergrond van die verskillende verhoudinge wat uit die invloed van die magte op die gesinslede inwerk, wil ons nou aantoon wat die veranderinge is wat die gesin ondergaan na aanleiding van die implikasies en toepassing van die teorie van Tönnies. Hiermee sal onder meer aangetoon word hoedat die plek en die taak van die gesin in die moderne samelewing daardeur verander is.

---

1. Loedolff & Louw. Dwelmmiddels: Wat, hoe en waarom, p. 48.

# HOOFSTUK IV

## DIE OORGANG VAN GEMEENSKAPSVERHOUDINGE IN DIE GESIN TOT MAATSKAPSVERHOUDINGE

### A. INLEIDING

Banning sê: "de tijd waarin wij leven is in hoge mate ondoorzichtig. Wij worden overstelpt met nieuws uit alle delen van de wereld, gewoonlijk nieuws over onrust en onlust, en wij begrijpen het niet, ......"[1]

So vind ons dat dit wat in die maatskappy goed was, dit wat in oor= eenstemming met die skeppingsopdrag was, waaraan voorheen voorkeur verleen was, nou nie meer deur die mens as waardevol beskou word nie. Soos wat Jef= freys dit stel: "In almost every department of life traditional moral values are confused"[2] wat noodwendig veranderinge meebring.

Maatskaplike veranderinge tree in. "As the patterns and techniques of social life change, moral problems change their form so that the conventional answers to the conventional questions no longer fit reality."[3] In hierdie proses waarin die wêreld 'n omwenteling ondergaan: "Wat wij in dit alles meemaken is een structuuromwenteling der maatschappij van diepgaande en ver= strekkende betekenis".[4]

Maar: "Met de wereld veranderen ook de mensen: de jongeren van nu zijn anders dan die van 25, 50 jaar geleden, maar ook de ouderen (al erkennen die het moeilijker), tradities worden uitgehold en welbewust verworpen, barmhartigheid maakt plaats voor zakelijke hardheid, men wordt mobiel in het verkeer, maar ook in zijn overtuigingen."[5]

---

1. Banning. Machten en mensen, p. 9.
2. Jeffreys. Personal values in the modern world, p. 39.
3. Ibid., p. 39.
4. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 195.
5. Banning. Machten en mensen, p. 9.

Mensliewendheid wat dus nou plek maak vir saaklike hardheid word in die samelewingsvorme ondervind. Gevolglik kan ons sê dat: "Net so 'n groot verskeidenheid samelewingsvorme as wat ons kan waarneem, so 'n verskeiden=heid samelewingsverhoudinge vind ons in die samelewing."[1)]

Pas ons nou die siening van Comte toe, naamlik".... society is compo=sed of families and not of individuals, and form a point of view which com=mands all times and places,"[2)] dan volg dit dat die verhoudinge wat binne in die gesin(ne) aangetref word groot ooreenkoms toon met hulle interaksie na buite, dit wil sê die gesinsverhoudinge vorm 'n soort spieëlbeeld van die verhoudinge in die samelewing.

Maar hierdie gesinne waarvan Comte praat, is op 'n duursame wyse met mekaar verbind, deurdat die gesinslede onderling verbind is deur gemeenskaps=verhoudinge. Die gevaar in die moderne samelewing is dat die verhoudinge van die fundamentele groepe en by name veral die gemeenskapsverhoudinge van die primêre groep nl. die huwelik en gesin sy soutende krag begin verloor omdat die gesinslede bymekaar verby leef as gevolg van bepaalde magte en omstandighede, byvoorbeeld die ekonomies-industriële ensovoorts.

Dit bring ons tot die teorie van Tönnies wat ons uit die praktyk van die moderne samelewing wil aantoon naamlik wat hy sê van gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge.

## B. 'N UITEENSETTING VAN DIE HOOFLYNE VAN DIE TEORIE VAN TÖNNIES

Ferdinand Tönnies se indeling bly nog steeds van die belangrikste aan=gesien hy die begrippe gemeenskap en maatskappy as twee teenoorgestelde be=grippe gesien het. So sien hy dan ook die menslike wil in veelvoudige betrek=kinge tot en met mekaar of gerig op die behoud die "bejahende" óf gerig op

1. Venter. Die samelewingskrisis. Die vraagstuk van gemeenskap. 'n Sosiologiese studie , p. 28.
2. Eloff. Enkele aspekte van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing, p. 9.

die vernietiging, die "verneinende" van die wil van die ander.

Volgens van Dijk[1] is die ondersoek van Tönnies gerig op die behoud, dit wil sê die positiewe betrekkinge. Bierens de Haan maak die volgende onderskeiding tussen die kernbegrippe van Tönnies se sisteem: "Men spreekte van huwelijksgemeenschap, van geloofs- en spraakgemeenschap. Maar op eco= nomisch gebied spreekt men van maatschappij, ook op wetenschappelijk gebied."[2] Van der Linde sê van Tönnies se sisteem: "de van nature gegeven sociale een= heden, waarin men zich van de geboorte af bevindt, rangschikt hij onder het begrip, Gemeinschaft. Alle vertrouwelijk, intiem, persoonlijk, samenleven wordt onder Gemeinschaft begrepen; onder Gesellschaft verstaat hij een ver= houding met afgebakende rechten en plichten tussen overigens van elkaar on= afhankelijke personen. Volgens Tönnies is het samenleven in Gesellschaft slechts schijnbaar en voorbijgaand, in tegenstelling tot dat in Gemeinschaft."[3]

Om te onderskei tussen Gemeinschaft en Gesellschaft veronderstel Tönnies dat die tussenmenslike verhoudinge wat mense aanmekaar bind uit óf die Wesen= wille óf die Kürwille ontstaan.

Wesenwille is die vorm van menslike wil en strewe wat ingebed is in die eenheid en totaliteit van die natuurlike lewe waarin gevoel en denke in die organiese eenheid aanwesig is. Kürwille is die vorm van menslike wil en stre= we, met ander woorde die produk van rasionaliserende denke. Wesenville be= vat die voorwaardes vir die Gemeinschaft, terwyl die Kürwille die gesellschaft voortbring. "I call all kinds of association in which natural will predomi= nates Gemeinschaft, all those which are formed and fundamentally conditioned by rational will, Gesellschaft."[4]

In al die positiewe betrekkinge waarin mense as indiwidue of groepe met mekaar in kontak kom, vind 'n "verbindung" wat na binne en na buite werksaam is, plaas. Hierdie "Verbindung", is volgens Tönnies óf Gemeinschaft óf Ge=

---

1. Vgl. Van Dijk. Mens en medemens, hoofstuk 3.
2. Bierens de Haan. Sociologie. Ontwikkeling en methode, p. 99.
3. Van der Linde. Van nummer tot mens, p. 115.
4. Tönnies. Community and association. (Gemeinschaft und Gesellschaft translated and supplement by C.P. Loomis), p. 17.

sellschaft. Gemeinschaft is dan die intieme, persoonlike huislike, duur= same, egte saamlewe terwyl Gesellschaft die uitwendige, koel, saaklike ra= sionele binding, die verbygaande kortstondige, willekeurige en skynbare saamlewe is, wat mens eerder samewerking wil noem. Ten basis aan hierdie begrippe lê die begrip menseverhoudinge.

## C. ONTLEDING VAN GEMEENSKAPSVERHOUDINGE EN MAATSKAPLIKE EN MAATSKAPSVERHOUDINGE

Om 'n ontleding van gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge te kan gee, maak ons van enkele definisies en omskrywinge gebruik.

1. Tönnies sê dat waar mense as indiwidue of groep in aalerlei, vrywillige, rasionele, georganiseerde, positiewe, betrekkinge met mekaar in kontak is, vind daar 'n "verbinding" na buite plaas, wat hy maatskaplike verhoudinge noem.

2. "Onder maatschapsverhoudingen daarentegen, (verstaan Tönnies) die, waarin de mensen, resp. de gemeenschappen onderling, niet tot een geheel verbon= den zijn, maar gecoördineerd naast of zelfs tegenover elkander in de sa= melewing optreden."[1)]

3. "Bij de maatschappelijke organisaties of doelmatigheidsgroepen ligt de saamhorigheid in de beginselen van rationele samewerking of samenspel."[2)]

4. Lauwers[3)] noem maatskapsverhoudinge "interindiwiduele verhoudingen."

Alhoewel ons nou definisies en omskrywinge van gemeenskaps- en maatskaps= verhoudinge gegee het, wil ons die genoemde verhoudinge verklaar. MacIver en Page sê onder andere die volgende van gemeenskap: "The simplest, the most uni= versal of all forms of association is that in which a small number of persons

---

1. Dooyeweerd. Verkenningen in de wijsbegeerte, de sociologie en de rechtsgeschiedenis, p. 110.
2. Bouman. Sociologie. Begrippen en problemen, p. 87.
3. Lauwers. Inleiding tot de sociale wijsbegeerte, p. 95.

meet "face to face" for companionship, mutual aid, the discussion of some question that concerns them all, or the discovery and execution of some common policy. The face-to-face group is the nucleus of all organization, and as we shall see, is found in some form within the most complex systems- it is the unit cell of the social structure."[1] Hy praat van die gesin en hieruit groei onder andere die skool, bedryf ensovoorts.

Maatskaplike verhoudings word deur Bierstedt gesien as "groups of peo= ple who, conscious of common or similar interests - band or join together in some organized way in order to pursue those interests."[2] 'n Voorbeeld wat Van Dijk noem, van 'n maatskapsverhouding is dié tussen koper en ver= koper.

Samevattend kan ons sê dat gemeenskapsverhoudinge die verhouding is wat berus op die natuurlike liefde, vriendskap, egtheid en duursaamheid wat mense saambind, terwyl maatskaplike en maatskapsverhoudinge die is wat kortstondig is, minder duursaam en in graad verskil tussen onpersoonlike en saaklike - almal saam funksioneer terwille van die sosiale orde.

## D. TOEPASSING VAN TÖNNIES SE OPVATTING OP DIE GESIN

Röpke wys byvoorbeeld op die toestand van die huisgesin en hoedat die proses van verandering besig is om die kern van die samelewing aan te tas: "...... the parent cell of the community ...... We can, without exaggera= tion, describe the decline of the family as one of the gravest symptons of the disease of our time."[3]

Ons stem saam met Collier as hy sê: "The social cement loosen and crumble in modern ..... life,"[4] en hiervolgens wil ons wys hoedat gemeen= skapsverhoudinge in die gesin stadig maar seker besig is om oor te gaan in

---

1. MacIver & Page. Society, p. 218 - 219.
2. Bierstedt. The social order. An introduction to sociology, p. 281.
3. Röpke. The social crisis of our time, p. 16.
4. Collier. The social purposes of education, p. 21.

maatskapsverhoudinge met die gevolg dat die gesin in die moderne samele= wing aantas. Die oorgang van gemeenskapsverhoudinge in die gesin tot maatskapsverhoudinge word bestempel as 'n krisis in die samelewing. Die aard hiervan is onder meer "een kritieke toestand, (is) een keerpunt, een knooppunt van verwarring, waarin de continuiteit met het verleden verbro= ken schijnt en de weg naar de toekomst in het duister ligt, terwijl in= grijpende beslissingen genomen zullen moeten worden."[1)]

Dis duidelik dat die aard hiervan bestempel kan word as 'n krisis in waardes, as gevolg van verandering (waarmee ook) "gepaard gaan" een ver= warring omtrent de geestelijke waarden, die het menselijk leven richten en inhoud geven."[2)]

Mannheim se siening van hierdie krisis in waardes is dat daar 'n ver= andering in die gemeenskapsbindinge ingetree het wat die indiwidu in die groter verband bevredig en beveilig het. Van der Walt sien die saak in die verband: "So was die individu byvoorbeeld in die verlede ingeskakel in 'n groter verband wat hom vastigheid gegee het.

a. .... in die Griekse antieke wêreld was die indiwidu geanker in die staatsverband - die staat het hom bevredig en beveilig.

b. Tydens die Middeleeue was die indiwidue gewortel in die Rooms Ka= tolieke Kerk wat sy indiwiduele voedingsbodem was.

c. Aan die end van die Middeleeue kry ons die emansipasie van die indiwidu, wat tewens die Verligtingstydperk aankondig."[3)]

Maar namate die indiwidu nie meer deur die bindinge van die rede be= vredig kon word nie, het hy sy toevlug tot die gemeenskapsbinding geneem, wat mettertyd verswak het as gevolg van die uitwerking van massabinding wat

---

1. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 36.
2. Banning. Machten en mensen, p. 177.
3. Van der Walt. Die plek van sekere geesteswetenskappe, met besondere verwysing na die plek van sosiologie in die opleiding van onderwysers, p. 51.

begin het met die industriële omwenteling en die opkoms van die stede en fabrieke.

Mannheim sê dat hierdie massagemeenskap deur spesiale metodes of teg= nieke instand gehou moet word. Hy beskou die sosiale tegnieke as geweldige magte wat na vore tree, naamlik:

(a) die militêre tegniek;
(b) organisasie en administrasie;
(c) publieke opinie;
(d) sosiale tegnieke, ensovoorts.[1)]

Die krisis in waardes wat deur die sosiale tegnieke ontketen word, dra by tot die proses van verandering in die samelewing, met ander woorde "wan= neer dus sekere wisselwerkende faktore in die samelewing 'n bestaande proses in 'n ander rigting stuur, tree 'n proses van sosiale verandering in."[2)]

As gevolg van die wisselwerking tussen samelewingsvorme vind daar op elke lewensterrein 'n proses van verandering plaas wat die gedragswyse en handelinge van 'n groep beïnvloed. Dit op sigself kan dus 'n probleem of kri= sis in waardes laat ontstaan.

Dit moet egter genoem word dat die proses van sosiale verandering ook deur die proses van verstedeliking teweeggebring word. Samehangend hiermee kry ons die geweldige invloed van die moderne vervoermiddele en kommunikasie= middele soos die motor, telefoon, radio, ensovoorts, wat die eertydse verskil tussen platteland en stad uitwis. Dit geld in die algemeen ook vir die same= lewingsverhoudinge. "Die gelykmakingsproses kom veral na vore in die dikwels ongevoelige en kortstondige intieme gemeenskapsverkeer tussen ouers en kinders, kerklidmate en ook op die staatkundige gebied. Die gemeenskapsbindinge ver= dwyn en dit neem die vorm van maatskaplike verhoudinge aan."[3)]

---

1. Vgl. Mannheim. Diagnosis of our time, hoofstuk. I.
2. Venter. Die samelewingskrisis. Die vraagstuk van gemeenskap. 'n Sosiologiese studie, p. 16.
3. Ibid., p. 16.

Dat die gemeenskapsbindinge en verhoudinge in die gesin verdwyn en maatskapsverhoudinge die plek daarvan inneem is te vinde onder meer in die volgende situasies:

1. <u>Huweliksbevestiging</u>: "Du Toit vind dat burgerlike huwelike oor die al= gemeen veel onbestendiger is as kerklike huwelike en dat die burgerlike hu= welike ook van veel korter duur is. Die kommissie toon aan dat daar in die jongste jare 'n duidelike toename in die ontbinding van burgerlike huwelike was."[1)]

Dit wil dus enersyds voorkom asof heelwat huwelike vatbaarder is vir die kontraktuele opvatting wat 'n onderstreping is van die maatskaplike ver= houdinge wat makliker aanleiding gee tot die uiteindelike egskeiding. An= dersyds wil dit voorkom asof huwelike wat kerklik bevestig word, die sand en sement van die duursamer, hegter, intiemer en persoonliker aard van gemeenskapsverhoudinge dra.

"Van al die huwelike van mans wat burgerlik bevestig is, het 5% op eg= skeiding uitgeloop, terwyl van al die huwelike wat kerklik bevestig was, slegs 2,9% op egskeiding uitgeloop het."[2)] Die opvattinge en waardes van geskeides mag uitloop op verhoudinge wat saaklik, onpersoonlik en maatskaps= geaard is.

Dit is dus duidelik dat wat die huweliksbevestiging betref, soos aangedui, die kern van die samelewing dus nou meer oorhel na die maatskapsverhoudinge, veral in die stede, en dit as gevolg van die verwêreldliking van die mens omdat die kerklik-goedsdienstige basis opsy geskuif word, hoewel enige hu= welik twee fasette het, naamlik: die kerklik- geloofs- en godsdienstige aspek <u>en</u> die juridiese of regtelike - laasgenoemde beskerm die regte van man <u>en</u> vrou en gesamentlik teenoor mekaar. (Dit kan beteken dat 'n huweliksband in 'n kerk en daarna in 'n landdroskantoor gelê word - 'n dubbele bevestiging dus.)

---

1. Van der Merwe. 'n Sosiologiese ondersoek na die gesinslewe van die stad Germiston, p. 78.
2. Ibid., p. 79.

2. Opvatting omtrent kinders

Omdat die voortplantingsfunksie van die huwelikspaar van die aller=grootste belang is, en die huweliksliefde daardeur vervolmaak word, is dit dus duidelik dat ons in die gesinslewe met die verwekking, opvoeding, versorging en beskerming van die kind te doen kry waardeur "die kinder=tal van 'n gesin ................ derhalwe in baie opsigte beskrywend van sekere kwantitatiewe en kwalitatiewe eienskappe van die gesin (is)."[1]

Die tederheid en liefde waarmee kinders versorg behoort te word, be=staan in baie gevalle nie meer nie en waar die kinders gesien moet word as die vader se trots en die moeder se vreug, is die prentjie in baie ge=valle heel anders. Hulle word in baie gevalle gesien as 'n las en luuks=heid. Die kinders "beroof" die ouers van die luukse pret, plesier, geld, tyd en vermaak. Die innige gevoel wat daar behoort te wees, maak nou plek vir die kortstondige en minder hegte gevoel.

Daarom dat "young married couples regard the acquisition of a house and furniture as far more important than having a family ....... If it is a choice between having a baby or a television set, the television set wins."[2]

As gevolg van die materiële gaan die gesin in die verband ook stadig maar seker oor na die maatskaplike gevoel (of verhouding) wat 'n bedrei=ging vir die bevolkingsaanwas, veral in Suid-Afrika, inhou.

As ons nog saam met die voorgaande in aanmerking neem dat sommige vroue hulle op 'n laterige ouderdom in die huwelik begewe, dan tree die angs vir geboorte sterk op die voorgrond: "Fear of the pregnancy and birth experience play no small part in motivation against parenthood. There is always uncertainty even for enlightened women about the degree of suf=fering to be expected in childbirth. An interesting study of first preg=nancies in a college group showed that 41,0 percent of the wives worried about the normality of children and 63,2 percent feared childbirth."[3]

---

1. Van der Merwe. 'n Sosiologiese ondersoek na die gesinslewe van die stad Germiston, p. 89.
2. Collier. The social purposes of education, p. 19.
3. Kirkpatrick. The family. As process and institution, p. 513.

Brillenburg Wurth[1] stem hiermee saam as hy sê : ".... ten aanzien van het huwelijk en de huwelijksliefde heeft die wel bijzondere afmetingen aangenomen." Hierdie gebrek aan waardes in die gesin het uiteindelik tot gevolg dat "no nation is any stronger than the homes of which it is com= posed. As the family goes, so goes the nation."[2]

'n Kenmerkende faktor wat meer en meer in die moderne gesin te be= speur is, is die verlies en gebrek aan waardes. Dit veroorsaak dat die intieme gesinsverhoudinge verkrummel tot 'n "Gesellschafts"-groep met baie probleme.

3. Enkele probleme in die huisgesin:

"Die onpersoonlikheid van die ouerhuis as saamkomplek, die familie= tafel, die gesamentlike gesinsontspanning, ensovoorts, is almal bewyse van die waardeverlies wat die Gemeinschaft ondergaan het as gevolg van die afsydige, kortstondige en dikwels vyandige verhoudinge wat kenmerkend is van die Gesellschaft."[3]

In baie gevalle vind ons dat die moderne gesin as gevolg van weten= skaplike uitvindinge, byvoorbeeld voorbehoedmiddels, die werklike inti= miteit van die huwelikslewe verruil vir die kortstondige willekeurige geslagsverkeer wat maatskapsverhoudinge in die huwelikslewe in die hand werk.

As ons die ondersoek van Pearl neem wat hy in 1930 in die V.S.A. uit= gevoer het, soos Van Dijk[4] aangehaal het, dan wys hy daarop dat 10% van die vroue wat kon baar, gebaar het, terwyl 75 % van die vroue seksuele om= gang gehad het. Die verskil tussen potensiële en werklike vrugbaarheid vind sy oorsprong in prinsipiële en sosiokulturele oorsake.

---

1. Brillenburg-Wurth. Het christelijk leven in huwelijk en gezin, p. 213.
2. Mihanovich e.a. Marriage and family, p. 322.
3. Venter. Die samelewingskrisis. Die vraagstuk van gemeenskap. 'n Sosiologiese studie, p. 72 - 73.
4. Van Dijk. Mens en medemens, p. 143.

So is gevind dat geboortebeperking saamhang met geloof. In 1935 is in Nederland gevind dat 167,5 uit elke 1 000 vroue van die Gereformeerde Kerk onder 50 jaar geboorte aan kinders gegee het. Uit 1 000 het 157,5 vroue van die Rooms Katolieke Kerk geboorte gegee, terwyl 69,2 uit 1 000 wat aan geen kerk behoort het nie, geboorte aan kinders gegee het.

Aansluitend by die vorige kan ons saamstem met Häring,[1] "het enige bolwerk is hier nog de godsdienstige overtuiging. Deze blijkt echter by veel "praktizerende" christenen te zwak en levenloos te zijn tegenover de zuigende kracht van het op hen afstormende tijdgeest."

Verbonde aan die godsdienstige oortuiging in hierdie verband, kry ons die funksie van ouerlike gesag wat vir die christen-gelowige ouer gefundeer is in die Skrif. In die gesin is die ouers die verantwoordelike "gezagsdragers en leiders" wat "de beginselen, de menselijke algemene kennis van die wet"[2] tot uitvoering moet bring.

Die ouers sal op grond van hulle geloof, hulle kinders opvoed in liefde, opoffering, simpatie, begrip en gesag om hulle in 'n hegte ge=sinseenheid met gemeenskaplike verhoudinge saam te snoer, maar as ge=volg van die arbeid en vryetydsbesteding en ander belange veral buite die gesin, beweeg die gesinslede weg van mekaar in verskillende kringe en leef selfs bymekaar verby, veral in die stede. Gesinseenheid en ge=meensaam gerigtheid in die gesin moet die knie buig voor die maatskap=like en maatskapsverhoudinge wat baie sterk na vore tree. Op hierdie wyse word die gesinslede losgeruk van die gesins- en volksanker en raak meer-en-meer verslaaf aan 'n ongesonde indiwidualisme.

Die houvas van die vaderfiguur, en in die algemeen, die <u>ouerlike</u> ge=sag word geringer. Ook werk die nuwerwetse stedelike opvattings dit in die hand. Al gou wil elke kind sy eie lewensrigting bepaal. Dit kom voor of die ouers nie meer die onbetwiste seggenskap oor hulle kinders het nie. Die kinders maak aanspraak op vryheid vir hulleself. Hierdie verval van die ouerlike gesag word by die stedelike Afrikaanse huisge=sinne inderdaad in verskillende grade aangetref. Hierdie proses is feit=lik oral aan die gang.

---

1. Häring. Sociologie van het gezin, p. 146.
2. Van Dijk. Mens en medemens, p. 56.

Die eerste gevolg hiervan is dat die hegtheid en die eenheid van die gesinsverhoudinge verswak en die sekuriteit wat die gesin bied, neem af. Die tweede gevolg is dat die dissipline in die huisgesin verswak. Die huisgesin is nou in 'n mindere mate 'n gesagsgemeenskap onder die norm van die ouerliefde.

Daar word minder gesag uitgeoefen en minder verantwoording gevra. Soms word die dissipline so swak dat dit tot losbandigheid lei.

Die derde gevolg is dat die gesagsdraer, met sy verminderde gesag, nie meer so 'n behoudende krag kan wees nie. Hy kan nie meer die hoë gesag aan die tradisionele beskouings en waardeskattings verleen nie.[1)]

Die verhouding tussen die ouers en die kinders, kind en kind, man en vrou, word versteur deur die verskille in die gesin. Egte saamwees bestaan nie meer nie. 'n Verdeelde verantwoordelikheid ten opsigte van die gesinslede tree te voorskyn, en veral die kind kom onder ander sfere en vorme van gesag. Ook die skool, die verenigings en klubs buite die gesin neem die sosialiseringsfunksie van die gesin oor - elkeen met sy eie gesag, leiding en tug, wat die kinders verwar.

Vryetydsbesteding word vandag ook in 'n baie groot mate nie meer by die huis en in die gesin beoefen nie, want "jeugdverenigingen en last but not least, de bioschoop hebben het gezin voor een groot deel van deze taak ontheven."[2)]

Waar 'n persoon vroeër lid was van 'n groot gesin en dus in die geleentheid gestel was om, wat werk en spel betref, homself met die hulp en invloed van ander te ontwikkel, bied die gesinne vandag nie meer so 'n geleentheid nie - een van die moontlike redes vir die uitwaartse neiging tot ontvlugting.

---

1. Vgl. Cronje & Venter. Die patriargale familie, p. 163.
2. Van Dijk. Mens en medemens, p. 85.

Gesinsarbeid wat die gesin tot 'n hegte eenheid saamsnoer sodat goeie orde, verdeling van arbeid, saamwerksaamheid, eie skeppinge en waarde en respek vir mekaar in arbeidsvreugde ondervind kan word in Gemeinschafts=verhoudinge, het as gevolg van differensiasie en spesialisasie in arbeid, onder meer gesinsdisorganisasie in die hand gewerk.

Waar die gesin vroeër "usually worked together ... making a strong unity in the household"[1)], het hierdie persoonlike werkverhoudinge van die gesin oorgegaan tot die maatskapsverhoudinge waardeur "the scattering of our families to the four winds and the thirty-two points of the com=pass,"[2)] ontstaan het.

In die bedeling van "the new freedom"[3)] word die verantwoordelikheid van die ouers, veral dié van die moeder in die moderne tyd, afgeskuif op "incompetent maids and substitute mothers".[4)]

Waar ons nou sou verwag dat die moeder met al die moderne geriewe, "with all the splended efficiencies now possible, and all the scientific and technical assistance now available, home-making, including but trans=cending household economics, can be lifted by a thoroughly capable woman to the status of a real career,"[5)] het die vergemakliking van die vrou se lewe die teenoorgestelde uitwerking.

Huishouding word nie tot die status en rol van 'n beroep gebring nie, maar die vrou verkry nou 'n ander status en "it is evident that the freedom of this new status is being abused. It certainly lowers the birth-rate. It cheats some homes and husbands of their children. It results in some home neglect, with resulting delinquency of children and a decidedly higher death rate. It tends to increase divorces and separations; for most woman could now earn their own living and many are willing to risk it. It has increased the restlessness of married women and their desire for needless luxuries. It has encouraged much unnecessary wage-earning

---

1. Fiske. The changing family. Social and religious aspects of the modern family, p. 38.
2. Ibid., p. 38.
3. Ibid., p. 100.
4. Ibid., p. 101.
5. Ibid., p. 101.

by young wives and mothers.

Hence it has evolved a new type of family, with two heads instead of one, two bread-winners and providers, and no homekeeper. It has dethroned the husband and changed the family monarchy into a two-party commission. It makes possible a more complete comradeship, but at once endangers it by the diversity of independent interests ánd separate activities which threaten the family unity."[1)]

Die buitenshuise arbeid van die moeder om vir haarself ekonomies te sorg ten einde die luukse te bekom, dra by tot 'n wanverhouding in die ge= sin. Dit lei menigmaal tot spanninge tussen vader en moeder, wat kan lei tot 'n verbreking van die gesinsbande, dit wil sê die verhouding wat aldus ontstaan, is dat hulle elkeen 'n eie koers inslaan. Dit skaad die ouer-kindverhoudinge wat uiteindelik gesinsverwaarlosing, rusies, twis en eg= skeiding tot gevolg kan hê.

Die liefdevolle gesinsverhoudinge wat vroeër in die gesinsatmosfeer geheers het en dat ook "the older" children must wait on the younger", het bygedra tot "all were drawn together by common cares. Brothers and sisters became close friends. Affection was deep and openly expressed. With no fear of sentimentality, we kissed one another often, always on going to bed, on rising and usually when leaving the house for even a few hours."[2)] In die huidige lewe en in baie gevalle word dit as onnodig beskou. Die bande van liefde en bloed wat die veeleenheidsgevoel in die gesin moet bewerkstellig, word as oorbodig beskou. Die verhouding wat aldus ontstaan, is die wat aanleiding gee tot maatskapsverhoudinge - wat ook wel nodig is vir die sosiale orde, maar die gesin berei die akker voor deur middel van gemeenskapsverhoudinge.

Verpligte skoolbesoek wat die staat van sy potensiële burgers (esse) verwag, veral waar kinders na koshuise moet gaan vir hul skoolopleiding, dra in enkele gevalle by tot die verbreking van die hegtheid van die gesins= verhoudinge. Sommige kinders sien hul ouers net gedurende vakansietye en

---

1. Fiske. The changing family, p. 100 - 103.
2. Holdt. The fate of the family in die modern world, p. 92.

raak stadigaan los van hulle ouers. Die gedurige persoonlike kontak van kinders met hulle ouers veral in die primêre skooljare bestaan nie meer nie en die kind is vir die grootste gedeelte van sy opvoeding afhanklik van die skool, koshuis en maats. Dit wil sê "hierdie persoonlike kontakte moet die koshuisleerling vir 'n groot deel van sy lewe verbeur, aangesien so 'n persoonlike kontak nie deur die koshuis gedupliseer kan word nie."[1) Die kind kan nie die nodige liefde, begrip, simpatie en aandag, dit wil sê die liefdegevoel van geborgenheid ontvang nie. As gevolg van die gebrek hieraan is die kind nou oorgelaat aan die invloed van maatskapsverhoudinge van dié in wie se nabyheid en sorg hy hom bevind. Al is hierdie verhoudinge hoe goed, kan dit nie vergoed vir die geborgenheid wat eie is aan sy eie gesin nie.

Waar kinders in kinderryke gesinne nooit voorheen nodig gehad het om maats te soek nie, kry ons vandag in baie gevalle dat kinders "-have to cross the street to borrow brothers and sisters."[2)

Die verskynsel kan toegeskryf word aan die feit dat sommige ouers kinders as 'n oorlas beskou en dus slegs een of uiters miskien drie kinders het. Verder gee die status van die vrou, gebrek aan finansies, gesondheidsredes, ensovoorts, ook aanleiding tot die kinderlose egpare of uiters beperkte kindertalle. Wat die oorsaak ookal mag wees, in etlike gesinne word die normale verhoudinge versteur met die gevolg van "moeilike" kinders wat op hulle beurt ook kan bydra tot die probleem naamlik dat die gesinseenheid skade ly.

Die liefdevolle, geduldige, opofferende gemeenskapsbande wat vroeër so kenmerkend was by die versorging van 'n ou vader of moeder, "wanneer de ouders op leeftijd waren gekomen, rustte op de zonen de plicht hen van het nodige te voorzien. Ook waren de dochters aan de bescherming en de verzoring, van haar broeders toevertrouwd."[3) Hierdie gesinsverhouding, wat voorheen so sterk en liefdevol was, is blykbaar aan verbrokkel sodat die ou vader of moeder liewer na 'n outehuis gestuur of geneem word waar hulle afhanklik is van die sorg van andere.

---

1. Van der Westhuizen. 'n Ondersoek na bepaalde persoonlikheidsverskille tussen kosgangers en dagskoliere aan hoërskole in S.W.A., p. 4.
2. Fiske. The changing family, p. 38.
3. Van Katwijk, & Meima. Beknopte bijbelse archeologie. Voor gijmnasia, hogere burgerscholen en kweekscholen, p. 30.

Van die kant van die kinders word die ouers nou een maal per week of maand besoek, en dit word as voldoende geag. Die saambindende mag van kind-ouer-verhouding word dus in baie gevalle die kortstondige vlugtige "inloer" slegs om te sien hoe dit gaan uit 'n pligsgevoel en minder uit liefde.

Selfs die wetenskap en tegniek dra by dat die egte, duursame gemeen= skapsverhoudinge in die gesin oorgaan tot die vlugtige, kortstondige, wil= lekeurige maatskapsverhoudinge. Volgens van Riessen[1)] was daar nog in die begin van die tegniek manne wat in die uitvindinge die arbeid en vreugde in die skepping kon sien waarvoor hulle verantwoording moes doen.

Die verlies van genoemde gesindheid het die disintegrasie van die lewe ingelui. Vervolgens beweer Van Riessen dat die neutraliteit by die tegniek die aanknopingspunt vir winsbejag en magsmisbruik is, byvoorbeeld "to give the (persons) on top too many opportunity for the misuse of po= wer."[2)] Ook merk ons in die "law of accelleration in the growth of mate= rial culture"[3)] dat die een uitvinding die weg vir nuwes geopen het.

Die uitvinding van die radio het die industrie, politiek, onderwys, vermaaklikheid, huislike lewe, klasstruktuur en die hele balans van "social forces" binne die kultuur beïnvloed. Meer en beter radiostelle is op die mark geplaas, meer elektrisiëns, omroepers en programopstellers is opgelei en moes nou werk. Uitbreiding het plaasgevind en skofwerk moet verrig word. Dit veroorsaak dat daar in die meeste gesinne nie meer die gesinsamesyn be= staan wat daar behoort te wees nie. Die gesin kan nie meer as 'n eenheid alles saam doen nie. Etenstye in die gesin verskil vir die lede en die huis word vir sommige van die lede 'n vulstasie en vir andere 'n parkeerplek vir die nag. In dié geval beantwoord die huisgesin in die moderne samele= wing nie meer aan die eise, wat aan die gesin van weleer gestel is nie. Vermaatskapliking tree in en die gesinsverhoudinge gaan stadig maar seker oor na maatskapsverhoudinge wat atomisasie, spesialisasie, en verstedeliking in die hand werk. Die mens word deel van die masjien in die proses van de= valuasie van die arbeid - wat vreugdevol en sinvol moet wees. Die stadsmens word 'n massamens.

---

1. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, hoofstuk 5.
2. Collier. The social purpose of education, p. 17.
3. Ottaway. Education and society, p. 44.

Polities kon 'n persoon vroeër slegs 'n paar persone in sy onmiddellike nabyheid met sy toespraak beïnvloed. Hedendaagse politieke belange word deur middel van die radio na die verste uithoeke van 'n samelewing uitgedra. Die belange mag wel nog dieselfde wees, maar as gevolg van verwyderdheid van die spreker voel die mens gedistansieer en daar is nie die persoonlike kontak en verhouding wat so heg en saam kan bind nie.

Dit is nie dat die radio net negatiewe invloed uitoefen nie, maar vir ons doel wil ons veral wys op die mag van die radio. Waar ouers en kinders voorheen saam na die kerk gegaan het om geloof en belydenis saam te beoefen, is die gemeenskaplike gesinsverhoudinge daardeur verstewig. Die radio het aanleiding gegee dat in baie gesinne die gemeenskaplike be= oefening van die erediens en die huisgodsdiens stadig maar seker verwaar= loos word. Dit is veral die geval by die kerklose vader of moeder wat voor= gee dat hulle moeg is om na die kerk te gaan, maar tog na 'n uitsending van 'n erediens of aandgodsdiens oor die radio sal luister, terwyl die kind(-ers) kerk toe moet gaan, want hulle moet nog katkiseer. Die ouers, as lidmate van 'n kerk vergeet dat hulle 'n roeping ten opsigte van hul kinders het. Die ouers verbreek op dié manier die godsdiensfunksie van die gesin en skeur hierdie tradisionele anker los tot nadeel van hulle kinders wat vertolk word as vryheid.

Volgens Van Riessen[1)] sien ons dat, wanneer ons die 20ste eeu met die vorige vergelyk, daar 'n verlies van vryheid, verantwoordelikheid en gebon= denheid ingetree het.

Die kommunikasie tussen mense deur die snelle verkeer, die pers, die radio en die film, kan twyfel oor tradisies laat ontstaan. Die mens, wat losgeraak het van alle gesonde ankers in die lewe, moet veiligheid vind in die massa van die groot stad met sy onpersoonlike, gevoellose, saaklike maatskapsverhoudinge.

---

1. Vgl. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, hoofstuk 5.

## E. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING

Die invloed van die moderne samelewing op die gesin is positief en negatief. Aangesien die gesin beskou moet word as die "oerbron" van saam= lewe, dit wil sê dat alle groepe sosiologies uit die gesin groei, staan die gesin in wisselwerking en interaksie met hierdie totaliteit. Die ge= sin beïnvloed hierdie samelewing, maar ook die omgekeerde is waar.

Met die verloop van tyd het talle veranderings in die samelewing plaas= gevind waarvan wetenskap, tegniek, ekonomie en industrie hulle magte op die samelewing en die gesin uitgeoefen het. Die oorwig van die materiële waardes het 'n genadelose houvas op die samelewing, en by name die gesin, gekry.

Die toepassing van die teorie van Tönnies op hierdie toestand wys op die gevaartekens, van saaklike, onpersoonlike en kortstondige menseverhou= dinge wat in die gesin posgevat het. Anders gestel, die bindende en pri= mêre "Gemeinschafts"-verhoudinge verdwyn uit die gesin en maak plek vir die "Gesellschafts-verhoudinge wat uitmond in die massa van die groot stad.

## HOOFSTUK V

## NUWE PERSPEKTIEWE WORD GEOPEN VIR MAATSKAPSVERHOUDINGE WAT UITMOND IN MASSIFIKASIE

### A. INLEIDING

"it has been assumed that personal values - the sacredness of human personality and the proper reverence of human beings for one another in their dealings - are necessary to the good life. And it has been sugges= ted that, in the world as it is, there are many influences operating, to undermine personal values."[1] Op die ondermyning het ons reeds in die vorige hoofstuk gewys - hoedat die gemeenskapsverhoudinge plek maak vir die maatskapsverhoudinge. Hierdie oorgang bring mee dat "in de 20e eeuw is inderdaad een klasse mensen ontstaan, die geen zorgen meer heeft. Geen zorg over loon, over werkloosheid .... over kinderen, over huwelijken, over godsdienst. Die zorgen zijn door de zorgende elite in toenemende mate van hen afgenomen. Met zijn zorgen is deze mens zijn verantwoordelijkheden kwijt geraakt en ook de idealen, waar hij zelf voor kan staan en werken. Hij is zijn eigen rimpels kwijt en zijn eigen blik in de verte: hij loopt gespe= cialiseerd, op het rythme van de techniek en op de maat, van de plannings= melodie .........."[2] Hierin sien ons die passiewe mensemenigte - die mas= sa - vir wie beplan moet word as gevolg van verandering in die menslike samelewing.

Hierdie verandering wat in die samelewing intree, bring dié mens voort wat slegs as 'n ratjie in die groot masjien van die samelewing in beweging gebring, gedraai en weer tot stilstand gebring word deur andere. Hier is dus kragte en magte werksaam. Vervolgens let ons op enkele van die magte wat bydraes lewer tot massifikasie.

---

1. Jeffreys. Personal values in the modern world, p. 79.
2. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 242.

## B. VERSTEDELIKING EN DIE GESIN

MacIver en Page sien 1) die "surplus resources as the fundamental factor; 2) industrialization; and 3) the economic pull of the city"[1] as faktore wat 'n rol speel in die proses van verstedeliking. Vir 'n om=lyning van die stad in die konteks van hierdie verhandeling gee hulle die volgende: "there are regions in the city in which there are almost no children, areas occupied by the recidential hotels, for example. There are regions where the number of children is relatively very high: in the slums, in the middelclass residential suburbs to which the newly married usually graduate from their first honeymoon apartments in the city. There are other areas occupied almost wholly by young unmarried people, boy and girl bachelors. There are regions where people almost never vote, except at national elections; regions where the divorce rate is higher than it is for any state in the Union, and other regions in the same city where there are almost no divorces. There are areas infested by boy gangs and the athletic and political clubs into which the members of these gangs themselves frequently graduate. There are regions where the suicide rate is excessive; regions in which there is an an excessive amount of juvenile delinquency, and other regions in which there is almost none.[2]

Na aanleiding van vorige en ander opvattinge omtrent die stad, stem ons saam met Van Dijk dat - "de stedelijke samenleving (vertoont) een ontzaglikjke rijkdom aan gespecialiseerde samenlevingsvormen; verbanden, organisaties, zo goed als maatschappelijke verhoudingen."[3]

Die stad bestaan dus in hoofsaak uit gespesialiseerde ambags-, indus=triële-, handels- en bestuursentra, elk met sy eie tegniek en verhoudinge, waar kontak met die lewende natuur in 'n groot mate nie meer 'n rol speel nie en waar indiwidue bymekaar verby leef.

Die meganisering van produksie en van die verkeer bring mee dat die lewenstempo in die stad versnel. Die gevolg is dat die verstedelikte stads=mens meer beantwoord aan die "Gesellschaft"-verhoudinge as aan die "Gemein=schaft"- verhoudinge.

---

1. MacIver & Page. Society. An introductory analysis, p. 314 - 315.
2. Ibid., p. 323 - 324.
3. Van Dijk. Mens en medemens, p. 168.

Vanweë die haastigheid om 'n bus te haal, betyds by die werk of huis te wees, gou inkopies te doen, vrees vir die agterstrate en -buurtes, af= stand van die werk, ensovoorts, bestaan daar onpersoonlike kontakte wat deurwerk tot in die gesinsverband, want dit is nie net die vader en/of die moeder nie, maar ook die kinders wat onderhewig is aan die snelle le= wenstempo en mobiliteit.

As gevolg van die wetenskap en die tegniek en bediendes, word die vrou in 'n groot mate onthef van huishoudelike werk, en ontwikkel by baie van hulle 'n groter belangstelling in sosiale aktiwiteite buite die huis, wat die intieme, huislike lewe skaad. Die hoë eise wat die stadslewe aan sy inwoners stel, het tot gevolg dat die getroude vrou dikwels ook moet help om te verdien om die gesinsinkome aan te vul. Dit veroorsaak dat die vrou 'n dubbele verantwoordelikheid het om te vervul, naamlik 'n beroep beoefen en dan ook nog haar huislike take en verpligtinge om te vervul. Dit kan aanleiding gee dat sy moeg en prikkelbaar is, en sodoende kan die gesinslewe, sowel as die verhouding met haar man, nadelig beïnvloed word. Die gevolg is dat daar nie meer hegte, innige gevoelens teenoor mekaar bestaan nie.

Die stadslewe het ook tot gevolg dat sommige mans se werk van so 'n aard is dat hulle dikwels en in baie gevalle lank van die huis af weg moet wees om verpligtinge na te kom. Hier dink ons veral aan reisagente en ander wat besoeke aan die buiteland moet aflê. Dit kan spanning en konflik in die gesin veroorsaak.

Die stad bied ook tallose vermaaklikheidsfasiliteite vir mense, met die gevolg dat hulle bymekaar verbyleef.

Die feit is dat die verstedelikte gesin in baie gevalle nie meer ge= samentlik (op dieselfde tydstip) aan aktiwiteite deelneem nie, ten op= sigte van eet, ontspan, inkopies doen, bioskoop toe gaan, saam plate speel, radio luister, binneshuise spele beoefen, 'n entjie gaan ry, huisgodsdiens beoefen, kerk toe gaan, skottelgoed was, ensovoorts. Al hierdie dinge lei daartoe dat die gemeenskapsverhoudinge verdun en verwater, met die gevolg dat die "Gesellschaft"- verhoudinge deur hierdie optrede versterk word. Die gevolg is dat die verstedelikte mens in baie gevalle ook die massamens is - en die vereensaamde omdat hulle so bymekaar verby leef.

C. MASSIFIKASIE EN DIE GESIN:

Deurdat ons dieselfde verskynsels waarneem in die gedrag van die massa[1], gaan ons nou die aandag toespits op massifikasie en verder in die hoofstuk wys hoedat dit lei tot die sogenaamde "world community" of "society".

Enkele trekke van die begrip massa lees ons onder meer in die vol= gende aanhalings:

1. "De massifikasie der moderne samenleving is daarentegen niet in de eerste plaats gekenmerkt door het feit dat de totale bevolking in haar geheel in een voortdurende toestand van massale opwinding ver= keert. Veeleer denkt men daarbij vooral aan grote bevolkingsdichtheid en aan de sterke invloed van economie en techniek het geen juist niet tot vorming van massa's in de eerste betekenis heeft geleid maar eer= der tot planning, centralisatie, organisatie en rationalisatie; of aan de zielloze nivellering van geatomiseerde en geïsoleerde indi= viduen in de moderne samenleving."[2]

2. "Onder massifisering word verstaan die proses waardeur die individue steeds meer naamloos in die amorfe massa opgaan."[3]

3. "The resultant simple aggregation of individuals dependent now upon themselves alone, is what we mean by "Vermassung."[4]

Die massagemeenskap wat deur spesiale metodes of tegnieke in stand ge= hou moet word, het sy voortbestaan volgens Mannheim aan die volgende sosio= logiese faktore toe te skrywe:

Eerstens: "The uncontrolled and rapid growth of society."[5] Die in= vloed wat van genoemde faktor uitgegaan het, is verreikend, veral as ons

---

1. Francis. Inleiding tot de sociologie, p. 107.
2. Ibid., p. 107.
3. Venter. Die samelewingskrisis. Die vraagstuk van gemeenskap. 'n Sosiologiese studie, p. 39.
4. Röpke. Civitas humana, p. 134.
5. Mannheim. Diagnosis of our time, p. 17.

let op die invloed op die enkelinge. Om die invloed te onderstreep, haal ons Röpke aan: "today we speak of mass civilisation and congestion in ex= pressing the idea of the individual being absorbed ever more in an amor= phous mass. We mean by this that society in so far as it has moved in this direction has lost its horizontal as well as its vertical structure and has succumbed to 'n process of trituration, decomposition and dissolu= tion which has converted it into a mere sandheap of individuals. These individual grains of sand are now being wafted haphazard and mechanically into heaps, the masses of the big cities, of the "million corporation" or "union", mass parties, mass pebliscites; beings devoid of any real in= ner solidarity and any roots or connection with social standing and mi= lieu, without leadership on the part of a real and responsible authority standing above the mass. A society of this kind consisting of disconnec= ted individuals dissolving and yet agglomerating has lost the inner and organic character of the genuine and spontaneous community, and the more it is lacking in a firm homogeneity the more will it be held rigidly to= gether by the rivets of the modern bureaucratic and contralist state."[1)]

Uit die aanhaling is dit duidelik dat die ware, opregte, en spontane gemeenskapsbande (Gemeinschaft) in die massasamelewing verdwyn. Röpke sê verder van die massamenigte: "These individuals who have been blown out of their community are finding themselves exposed to a chaotic lack of any relationship to anything and are becoming lost nomadic herds, who no longer know where they belong, what their place in society is, and they have become more and more divorced from the ties of family, occupa= tion, neighbourhood, nature and society."[2)]

Die massamenigte is losgeskeur van hulle primêre ankers in die gesin, kerk, staat ensovoorts, wat die oorsaak is van maatskapsverhoudinge.

'n Tweede sosiologiese oorsaak wat genoem word, is die idee van pri= vaatbesit. Oorspronklik het elkeen sy eie gereedskap besit waarmee hy in sy behoeftes moes voorsien.

---

1. Röpke. Civitas humana, p. 132 - 133.
2. Ibid., p. 134.

Met die ontstaan van fabrieke en die industrie het die waardesisteem ten opsigte van die "eie" verander. Arbeid, wat voorheen as 'n gesinstaak verrig moes word, het nou plek gemaak vir die gelewerde produk uit die fabriek. Die eenheid waarmee die gesin in die arbeid saamgesnoer was, het verbrokkel. Privaatbesit is vir die massa geen ekonomiese anker vir se= kuriteit nie.

Die derde sosiologiese faktor wat Mannheim noem, is die oorgang van 'n pre-industriële gemeenskap tot 'n hoogs geïndustrialiseerde gemeenskap waar die idee van waardes ten opsigte van werk en vryetyd vandag vir die individue gereguleer word. Om produksie te verhoog, organiseer en be= plan die industrie sodat die werkenmer, wat byvoorbeeld liggaamlike ar= beid verrig, geestelik kan ontspan of omgekeerd. Op die manier word die gesin beroof van saam ontspan, hoewel dit ook sy positiewe voordele het.

'n Vierde sosiologiese faktor is die toenemende groei van kontakte tussen verskillende groepe deur middel van kommunikasiemiddele, sosiale mobiliteit en migrasie, waardeur die waardes van verskillende groepe saamgegooi word; so kan 'n verskil in opvatting oor 'n lewens- en wêrelds= beskouing 'n invloed uitoefen op 'n ander, dikwels met nadelige gevolge.

Vyfdens en gepaardgaande met die vorige, noem Mannheim die probleem van gesag, vryheid en permissiwiteit. Hier kan dieselfde gevolge plaas= vind as by die vorige.

Die sesde sosiologiese faktor wat Mannheim noem, is die bewuste beïnvloeding van mense om in 'n sekere rigting te handel. Hier speel die sogenaamde elite 'n groot rol. Massaopsweping is byvoorbeeld waar mense doelbewus beïnvloed word om in 'n sekere rigting te dink en te handel. Ons moet egter in gedagte hou dat nie net 'n negatiewe nie, maar ook posi= tiewe beïnvloeding kan plaasvind.

'n Verdere sosiologiese faktor wat Mannheim noem, is die "liassez= faire"-idee. Hierdie faktor noem hy na aanleiding van die voriges: "we have finally seen how all the mechanisms which used to regulate automa= tically the process of valuation have gradually been weakened or elimina= ted without being replaced by anything else. It is no wonder, therefore,

that our society lacks that healthy background of commonly accepted values and everything that lends spiritual consistency to a social sys= tem".[1)]

Die massifiseringsproses is vir Röpke nie 'n proses wat van toepassing gemaak kan word op 'n deel van die bevolking nie, maar eerder 'n algemene proses van degenerasie wat universeel en op alle lae van die bevolking deurwerk en wat 'n omvattende proses van sosiale verandering is wat aan heelwat oorsake toegeskryf kan word.[2)]

Dié disorganisasie geskied op die verskillende lewensterreine, en dit is veral in die gesin te bespeur, waarvandaan dit weer deurwerk na die ander lewensterreine en omgekeerd. Sodoende tree die vermaatskapslikings= proses sterk na vore en in die massifiseringsproses lei die vermaatskap= liking van menseverhoudinge tot die ontstaan van die sogenaamde "world community" of "society".

Daar kom dus nou in plaas van 'n "werklike integrasie, 'n skyn- of -pseudo-integrasie as gevolg van wêreldwye markte, mededinging, massaver= sorging, massavermaak, massaemosies en massavorming wat uiteindelik sy hoogtepunt en afsluiting vind in die kollektivistiese staat.[3)]

Die "Gemeinschaft"-verhoudinge bestaan dus nie in hierdie staat nie, maar wel die "Gesellschaft"-verhoudinge, wat op skyn, korte duur, onpersoon= likheid, kontrakte en minder intimiteit berus, dit wil sê dit is maatskaps= verhoudinge. Hierdie bande en verhoudinge wat die indiwidue, ook die ge= sin, moet saamsnoer, is van kortstondige aard en dus nie blywend nie en die massamens wat so ontstaan, het sy eie waarde en sin vir alle waardes ver= loor en word dus deur die massifiseringsproses in die rigting gedruk: "What society (massa) wants them to do."[4)]

---

1. Mannheim. Diagnosis of our time, p. 24.
2. Röpke. Civitas humana, p. 134.
3. Venter. Die samelewingskrisis: Die vraagstuk van gemeenskap. 'n Sosiologiese studie, p. 49.
4. Mannheim. Diagnosis of our time, p. 16.

Die proses van massifikasie gee aanleiding dat die ontwortelde in= diwidue, wat nie meer 'n begrip van waarde het nie, nou hunker na 'n band om hom van die eensaamheid weg te neem en te bind met andere. Die band is dan die maatskapsverband -'n voelarm van die een of ander denkrigting wat hom omknel en saamtrek in 'n skynbaar gemeenskaplike verhouding, om sodoende die massas saam te trek en te bind tot 'n geheel. Dit geskied deur sentralisasie en organisasie met behulp van spesialisasie, op die ritme van die tegniek en die maat van die beplanningsmelodie op "een wijdtvertakt stelsel van vrije maatschappelijke verhoudingen en maatschap= pelijke kringen tussen de lede-"[1] van die verskillende state. Die ge= volg hiervan is 'n beweeg in die rigting van die sogenaamde "world com= munity" of "society" omdat "communication and transportation have now made it possible for us to extend our association beyond its boundaries - into the larger society."[2]

Sodoende word die maatskappy uitgebou, en soos wat nuwe voorstede 'n dorp vergroot tot 'n stad, so vergroot die samelewing tot 'n groter een= heid. Die see, berge en oseane is nie meer 'n struikelblok om te oorbrug nie. Al die lande saam is nou die voorstede van die groot stad; die sogenaamde "world community" of "society" wat 'n bepaalde sentrum het.

Die idee van 'n nuwe wêreldstaat is reeds baie oud en vervolgens wil ons wys op enkele verskynsels wat bydra as voedingsbron vir die wêreld= staat waarby alle state uiteindelik moet aanpas.

## D. NIHILISME EN DIE GESIN

Waar ons in die voorgaande gewys het op die massamens en massifika= sie, is dit van belang om te weet dat Van Riessen die massamens beskuldig van nihilisme: "de massamens is in wording en het hoofdkenmerk van deze mens, is dat hij nihilistisch is,"[3] en dat die nihilisme beslag gekry het op die breëre lae van die publiek.

---

1. Van Dijk. Mens en medemens, p. 128.
2. Anderson & Parker. Its organization and operation, p. 102.
3. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 38.

Fairchild sien die nihilisme as "-a radical rejection and devalu= ation of the ideals and values of a culture or a class."[1] Die nihi= lisme is dus 'n proses wat aan die werk is om waardes en norme af te ta= kel en in die plek hiervan kom materialistiese waardes en die norm om van oomblik tot oomblik te leef. Van Riessen rig dan ook 'n waarskuwing dat, indien daar nie iets teen, of 'n heroriëntering ten opsigte van hier= die toestand kom nie, dit sal afstuur op 'n totalitêre, nihilistiese maat= skappy. Verder verklaar hy "Nietzche heeft de nihilistische machtsmens schitterend getekend. Het is de "uefermensch" die de passiviteit van het nihilisme der massa omzet in activisme, het blonde beest, dat zich de kudde tot instrument maakt en ook tot vijand om zich in destrijd te stalen, om zijn machtswil uit te leven. Er zijn geen waarden of idea= len. De leugen is even bruikbaar als de waarheid."[2]

Dit is 'n tipiese beskrywing van die massamens wat as sandkorrels rondgewaai word sonder dat hulle besef wat met hulle gebeur. Dit is hulle wat nie meer verantwoordelikheid in hul werk vind nie, maar eer= der 'n surrogaat van sinvolle lewe vind in die sirkelgang van vrye tyd en die siklusse van sport en vermaak.

Die groot gevaar vir die gesin lê daarin dat, indien die Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie meer as die normatiewe gestel kan word nie, dan tel alleen die stoflike waardes wat deur alle mense geniet kan word en hulle saamsnoer. Die normatiewe kwyn en die nihilisme tree te voorskyn. "De oorzaken van deze antinormatiewe ontwikkeling in de maat= schappij zijn thans te zoeken in een verkeerd inzicht in de bestemming van het mens en in de functie van het gezag, dat door sommige gezagsdra= gers verabsoluteerd, door anderen daarentegen gerelativeerd wordt. Ver= der evenzeer in een verkeerd inzicht in de bestemming van het mens en in de functie der samenlevingsverbanden, waarbij men met de cultuur opdracht de vrijheid van de mens en van het verband waarin hij werkt en leeft,- de vrijheid, dat men ten diepste verantwoording verschuldigd is aan God - prijsgeeft."[3]

---

1. Fairchild. Dictionary of sociology, p. 204.
2. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 260.
3. Ibid., p. 107.

Die anti-normatiewe ontwikkeling blyk dan te lê in die verkeerde op= vatting oor gesag en vryheid. Wanneer ouerlike gesag in die gesin ont= breek, is die kind as't ware aan homself oorgelaat, "vry" om vir homself te dink en te doen. Die kind wat nie 'n besef het van wat reg of verkeerd is nie, of wat nie gesonde leiding ontvang nie, sien alles as reg en ge= oorloof - 'n soort permissiwiteit. Selfs wetteloosheid word in baie ge= valle as reg gesien en sodoende dring nihilisme in tot in die diepste kern van die samelewing - naamlik die gesin.

Die mens wil dus nie gebonde wees nie - hy wil vry wees; daarom dat alle waardes en norme oorboord gegooi en as "outyds" beskou word. Nuwe idees moet dus posvat en toegepas word. Hier wil ons veral weer wys op die "hippies" se beskouing van vryheid. Wat vir hulle van belang is, is die materialistiese waardes van genotsug en die leef van oomblik tot oom= blik. Vandaar dat hulle dan ook so na as moontlik aan die natuur wil leef. Aan oorsprong, roeping en bestemming word daar nie gedink nie.

## E. DIE "WORLD COMMUNITY"-GEDAGTE EN DIE GESIN

Van Dijk verwys na Sorokin, wat opgemerk het dat die mens in die daaglikse gang van sy lewe voortdurend oorstap van die een samelewingsvorm of groep na 'n ander, en daarmee saam van een rol na 'n ander. Wat egter belangrik is, is dat die mens "als lid van en actief in dit zijn gezin, is hij niet los van, maar is hij tegelijk "lid" van de kerk (of niet), lid van de staat, genoot van een bedrijf (werkgroep), van die en die vereniging, van die en die beroepsgroep en rangstand, van de veelvuldigheid van maatschappelijke verhoudingen waaraan hij deel heeft. Als lid van een bepaalde vereniging blijft hij tegelijk lid van alle andere samelevings= vormen die de zijn, en is daar nooit en nergens los van. In welke groep of kring hij zich ook bevindt of actief is, overal draagt hij met zich mee de kennis van, de verantwoordelijkheid tegenover, het mede bepaald zijn door de normencomplexen van die samenlevingsvormen waartoe hij be= hoort."[1] Die implikasie hiervan is die begrippe vervlegting, wisselwer=

---

1. Van Dijk. Mens en medemens, p. 137.

king en interaksie, wat moet lei tot maatskaplike integrasie of te wel maatskapsintegrasie, wat dieselfde is.

Die "world-community"- gedagte, wat deur sekere denkrigtings voorgehou word, en wat ons later sal bespreek, is soos 'n reuse-seekat besig om met sy voelarms die idees en gedagtes, gedraginge en verhoudinge van die mens veral die massamens, nader te trek onder hom in, om dié dan saam te snoer tot 'n eenheid - die sogenaamde "world-community",[1] wat voorgehou word as 'n soort van "superwêreldstaat".

Die voorstaanders van die "world-community"- gedagte is veral geïnteresseerd in die ontwortelde indiwidu, die nihilis, dié wat nie meer waarde heg aan norme en reëls nie, dié waar die intieme, huislike, egte, duursame, liefdevolle verhoudinge en die "Gemeinschaft-verhoudinge ontbreek, want diesulkes is makliker vatbaar vir nuwe idees. Daarom werk die idee van die "world-community" soos 'n kettingreaksie, want 'n persoon wat so 'n idee huldig, kan weer 'n ander in dieselfde rigting beïnvloed om sulke rolle te vervul - bowendien leen talle kommunikasiemedia hulle tot die verspreiding hiervan.

Vervolgens wil ons nou op sekere denkrigtings wys: Die denkbeeld van beplanning sit reeds diep geankerd: "het is het eerst door Plato geformuleerd in zijn Republiek, en dus bijna vier-en-twintig eeuwen oud. We zien het zich ontwikkelen en vormen, de eeuwen door, in de Utopia Solis van Tommasso Companella (1623), de Enquiry Concerning Political Justice van William Goodwin (1793).

"In de negentiende eeuw hebben we reeds een rijke literatuur, die "planning" op het gebied der nationale huishouding bepleit, hetzij in die vorm van Utopias, hetzij als wetenschappelijke studies.[2]

Voeg ons die indiwidualisme, internasionalisme en internasionaal natuurrecht daarby, dan sien ons dat ook hulle neig en wys op 'n "world-community" of "society".

---

1. Havighurst & Neugarten. Society and education, p. 445.
2. Zweig. Planning in een vrije maatschappij, p. 10.

Die indiwidualisme neem die soevereiniteitsgedagte as grondslag vir internasionale verpligtinge.

Die Internasionalisme wil die wêreldryk óf op die kommunistiese, óf op die sosialistiese model as "world-community" of "society" daar stel, anders gestel: die demokratiese sosialisme en die sosialisme en die so= sialistiese demokrasie van die Weste versus die Ooste respektiewelik.

Die internasionale natuurreg stel dit dat alle state saam 'n hoëre, natuurlike gemeenskap is, dit wil sê "world-community" of "society".[1] Die internasionale gemeenskap sal dus berus op die wedersydse afhanklik= heid van die state[2] soos hulle mekaar nodig kry. Die state is dan as sodanig (op "economisch alz geestelijk gebied") op mekaar aangewys. Die lede van die internasionale gemeenskap vorm dan die verskillende state of statekompleks.

Die doel van die internasionale gemeenskap is om tot die welsyn van almal by te dra. Dink byvoorbeeld aan die internasionale raad vir voedselnavorsing, die simposium in Johannesburg oor hartnavorsing. Die afsonderlike state is nie vry ten opsigte van hul internasionale ver= pligtinge nie - telkens word aangekondig dat die een of ander lidland van die V.V.O. nog nie byvoorbeeld sy ekonomiese verpligtinge nagekom het nie.

Die beste instrument vir die verkondiging van die superwêreldstaat= idee is seer sekerlik die onderwys en opvoeding om die jeug met hierdie ideologie te indoktrineer, want hulle is die volwassenes van môre. Deur 'n eenvormige, universele beleid en organisasie kan 'n wêreldgemeenskap dus tot stand kom. Reeds in 1953 was 15 lande lid van so 'n organisasie. Uit hulle het 'n aantal lede onder wie ook Amerikaners, byeengekom en 'n program vir "education for living in a world-community" opgestel. Dit is egter later laat vaar weens onderlinge verskille. Nieteenstaande dit word daar op die gebied van onderwys en opvoeding in die rigting voort= gewerk om allerlei universele doelstellings te verwesenlik.[3]

---

1. Vgl. Lauwers. Inleiding tot de sociale wijsbegeerte, p. 234 - 235.
2. Ibid., p. 235.
3. Havighurst & Neugarten. Society and education, p. 448 - 452.

Ook op 'n ander lewensterrein kan hier gewys word. Die Wêreldraad van Kerke is byvoorbeeld in 1948 in Amsterdam gestig. Die doelstelling van die Wêreldraad van Kerke kom volgens Groenewald[1)] kortliks daarop neer, naamlik om gemeenskaplike optrede en aksie van die kerke te ver= gemaklik, samewerking deur studie te bevorder, goeie verhoudinge op te bou met denominasionele ekumeniese bewegings, konvensies van wêreldom= vang te belê, om die koninkryk van God uit te bou.

Daarom is die strewe ook tot een kerk. Dit is nie nodig om op die verskille binne die geledere van die lidkerke in te gaan nie. Dit kom kortliks daarop neer dat die verskeidenheid in die eenheid en die om= gekeerde misken word, en wat eintlik die eksegese van gemeenskap is. Dit is 'n teologiese vraagstuk wat nie hier ter sprake is nie. Feit bly egter dat die Wêreldraad van Kerke fondse voorsien vir terroristiese aanslae - wapengeweld wat strydig is met die beginsel van liefde volgens die Skrif en die toepassing hiervan in die praktyk van die lewe vir die Christengelowige.

Dat daar op die gebied van die godsdiens ook in die rigting van 'n "world community" of "society" gewerk word. is nie te betwyfel nie. Godsdienstige en geloofsverhoudinge, wat as gemeenskapsverhoudinge ge= tipeer kan word, word afgebreek en afgewater in so 'n "kookpot" van andersheid, ten opsigte van sake van kerklik konfessionele aard, dat so 'n saamwees in onder meer konferensies getipeer kan word as maatskaps= verhoudinge waarin slegs die "social gospel"- idee kan geld.

Dieselfde geld ten opsigte van die V.V.O. wat daarop uit is om 'n "een-wêreldstaat", eenwêreldregering of superstaat daar te stel. Wanneer lande hulle nie wil onderwerp aan die eise van die V.V.O. nie, word sank= sies en boikotte toegepas om sodoende druk uit te oefen om alle regerings en state te laat konformeer - dit kan vergelyk word met 'n gevaarlike ma= rionettespel.

---

1. Vgl. Groenewald. Die kerk en die ekumeniese bewegings, verslag= nommer 4, p. 5.

F. SAMEVATTING EN EIE OPVATTING

In die lig van die voorgaande het onder andere Burdick die volgende omtrent die V.V.O. onthul: "Die plan van die Internasionaliste was dat al die lande een na die ander op onderduimse wyse deur verraad, intrige en infiltrasie verower moes word. Hier en daar kon 'n klein landjie met geweld verower word."[1)]

'n Wêreldstaat wat so tot stand kom, kan alleenlik op die "Gesellschaft"-verhoudinge tot stand gebring word wat geensins in lyn is en ook nie strook met die Calvinisties-christengelowige se siening ten opsigte van menslike verhoudinge nie.

Ten slotte stem ons saam met Van Riessen: "Wie de totalitaire staat wil bestrijden, moet bij het begin beginnen, ............ bij het eerste misbruik van wetenschap en techniek, bij de eerste sporen van een denken onder leiding van de gemeenschap-ideologie, bij de omkering van de verhouding van gezag en vrijheid, en bij de relativering van de zelfstandigheid der levenskringen"[2)]. Dit sal meebring dat die mens opnuut 'n voorraadopname van waardes sal moet maak. En in hierdie verband sal die gesin sy plek en taak as primêre instelling en groep in die moderne samelewing moet inneem om weer die gemeenskapsverhoudinge tot hul reg te laat kom, tot eer van God en tot heil van die naaste in alle lewensverhoudinge.

---

1. Vgl. Antikom Nuusbrief, September 1963, deel 1, nr. 5, p. 6.
2. Van Riessen. De maatschappij der toekomst, p. 196 - 197.

## HOOFSTUK VI

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

### A. ALGEMEEN

Ons kan saam met Van Dijk stem wanneer hy sê: "Die moderne sa= menleving is een conglomeraat van talloze samenlewingsvormen, instituten, organisaties, kringen en groepen, die elk hun eigen min of meer zelf= standig normencomplex hebben."[1] As uitgangspunt binne die vorige moet daar wees 'n persoon se lewens- en wêreldbeskouing wat die voedingsbron is vir sy denke, gevoel en handelinge teenoor sy medemens en dit bepaal, en gevolglik ook sy sosialiteit beïnvloed op grond van sy opvatting om= trent beginsels, waardes en norme. Op hierdie grondslag kan ons dit byvoorbeeld stel dat die huwelik gewortel is in twee wonders van God. Eerstens die skepping van die mens met siel en liggaam as man en vrou en tweedens as mens met 'n liggaamlike geslagsverskil tussen man en vrou wat deur die biologiese funksie die gesin tot stand laat kom.

Op grond van die mens as religieuse wese, is die huwelikspare dus verantwoordelik vir die voortbring van 'n nageslag, en as sodanig is die ouers dus verantwoordelik vir die liggaamlike en geestelike ver= sorging en opvoeding van hul kinders in een lyn met die Christelike be= ginsels van die doopbelofte. Deur die daarstelling van opvoedkundige inrigtings word kinders as potensiële volwassenes nou in die geleentheid gestel om te ontwikkel en gevorm te word. Baie ouers is egter nie daar= toe in staat nie en daarom vul die skoolonderwys die gesinsopvoeding op sy eie wyse aan.

Om tot ware burgers en burgeresse te ontwikkel, moet die potensiële burgers hulle ook aan alle vorme van gesag onderwerp. Hierdie handeling is in die "Gemeinschaft"-verhoudinge gewortel volgens die beginsels van

1. Van Dijk. Mens en medemens, p. 62.

die groot gebod in die Skrif. Op grond van die Verbondsbelofte het die kerk saam met die gesin dus ook tot taak en roeping om sy potensiële lid= mate deur die prediking van die Evangelie en die sakramente op te voed om Gods Koninkryk uit te brei. Sodoende word menslike verhoudinge gegrond op die Skrif, naamlik liefde tot God en tot jou naaste.

Ook die staat as samelewingsvorm het tot taak om die belange van sy onderdane op alle gebiede, nie net te beskerm en te beveilig nie, maar ook uit te bou en sodoende die nasionale en eie te bevorder en om op in= ternasionale vlak saam te werk.

Die wetenskap en tegniek, wat as hulpmiddele moet dien om beter in die mens se behoeftes te voorsien, het ongelukkig topswaar geword en hou 'n bedreiging vir die voortbestaan van die mensdom in. Gevolglik is daar goeie verhoudinge, maar dit word ook versteur en daarteen moet gewaak word, dit wil sê teen industrialisme en materialisme, wat groot bydraes lewer om die hoër geestelike lewenswaardes af te takel.

Ook die versnelde tempo van die verkeer en kommunikasie het veroor= saak dat die mens in sy wese aangetas word en dat hy nou in sy oppervlak= kige vlug deur die moderne wêreld met sy snelle pas sy gevoel van innig- heid, opregtheid, egtheid en liefde verloor.

Die meeste mense van die samelewing is soos robotte. Daar word vir hulle gedink en geredeneer deur andere in die massa. Die moderne massa= mens is sonder ankers en is op soek na vastigheid wat hy in die massa wil vind. Daarom moet die kerk soos nog nooit te vore nie die Skrifwoord ver= kondig in die wêreld om die mens weer tot God te laat terugkeer, want die massamens is 'n nihilis wat sy rug op God gekeer het. Die mens sal ook tot die besef geraak dat die beginsel van soewereiniteit in eie kring nie plek laat vir 'n wêreldgemeenskap en alles wat daarmee saamhang nie.

B. GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE GESIN

Die feit dat die gesin as oorsprong en voedingsbron van die samele= wing midde in die samelewing verkeer, bring mee dat die gesin 'n besondere plek in die samelewing inneem. Dit spreek ook vanself dat die gesin 'n besondere taak het om te vervul en dat die taak nie net tot die huidige beperk bly nie, maar ook volvoer moet word vir die toekomstige saamlewe. Die geslagte wat kom, moet weet dat die mens as skepsel van God 'n oor= sprong, roeping en bestemming het, en omdat die gesin uit die man, vrou en kind(ers) bestaan, spreek dit dat die gesin altyd verantwoordelik be= wus moet wees van sy oorsprong, roeping en bestemming.

Die gesin is in wisselwerking en interaksie met die Kerk, die staat, die skool en vryetyd en ontspanning. Wat meer is, is die feit dat hier= die groepe, soos in die verhandeling aangetoon nie net die invloed van hierdie groepe en kultuur ondergaan nie, maar dat ook die gesin 'n in= vloed uitoefen op die totaliteit van die samelewing en die kultuur. Daar is ook aangetoon dat die kwaliteit van 'n gesin deur middel van sy gemeenskapsverhoudinge, handelinge en gebeurtenisse, die noodsaaklike voorwaarde is vir 'n gesonde sosiale orde - dit is aangetoon met die plek en taak van die gesin in die moderne samelewing - as 'n uiters verantwoor= delike roeping wat steeds moet voorberei vir 'n veranderende en veranderde samelewing en kultuur. Dit is waartoe hierdie studie 'n bydrae wil lewer.

# S U M M A R Y


This thesis is a sociological study and deals with the family as foundation of modern society.

The aim is to indicate the importance of family life for the fun= damental groups of society.

Every institution in society has a function whereby it endeavours to educate the individual for the future. As the potential grown-ups of to-day will be the leaders of to-morrow, they must be guided and aided in every way to become worthy citizens.

It is also clear that education is not only a system of schools but that in every walk of society there are educators.

The human behaviour is easily influenced by outsiders. In normal circumstances every individual is firstly educated by his family.

In this thesis the fact that family life has changed and is still changing is dealt with. Some individuals as well as some families, be= come members of the mass society.

The opinion of Wilhelm Röpke in his book "Civitas Humana", is that the members of the mass society no longer know where they belong and what their place in society is. This unvertainty frustrates them and cuases them to become like lost nomadic herds which is what we want to prove in this thesis: the idea of community versus society life is applied here to bring to the fore the danger points for family life.

The idea of freedom and authority is the cause of many of the pro= blems of to-day. Not only in family life but also in the society at large.

Science and technology are willing agents in the process of under= mining the minds of the masses. Since these factors occupy the mind of man, forgetfulness of the God has become common and man has become

a selfish being without mercy, or love of dicipline in any form.

The human beings are now trying to put themselves on the throne of the Great Creator, and their aim is to create a superworld.

The only way for solving this problem is to bring the masses back to God. In this process of curing, it will be best to start with fa= mily life because it is the origin of all group life in society.

By means of this thesis the author attempted to give some insight into the problem situations which men in modern society confront.

*************************

# B I B L I O G R A F I E

1. ANDERSON, W.A. & PARKER, F.B. Society. Its organization and ope= ration. Princeton, New Jersey, Toronto, New York, London, D. van Nostrand Co. Inc., 1964.

2. ANTIKOM NUUSBRIEF. Deel I. Nr. 5 Sept., 1963.

3. BANNING, W. Moderne maatschappij-problemen. Tweede Bundel, Haar= lem, De Erven F. Bohn N.V., 1958.

4. BANNING, W. Machten en mensen. Haarlem, De Erven F. Bohn N.V., 1959.

5. BAVINCK, H. Het christelijk huisgezin. Tweede Druk, Kampen, J.H. Kok, N.V., 1912.

6. BIERENS DE HAAN, J. Grondslagen der samenleving. Haarlem, H.D. Tjeenk Willink & Zoon, N.V., 1949.

7. BIERENS DE HAAN, J. Sociologie. Ontwikkeling en methode. Den Haag, N.V. Servire, 1959.

8. BIERSTEDT, R. The social order. An introduction to sociology. Third Edition, New York, McGraw Hill Book Co. Inc., 1957.

9. BOUMAN, P.J. Sociologie. Begrippen en problemen. Antwerpen, N.V. Standaard-Boekhandel, 1950.

10. BOUWMAN, H. Gereformeerd kerkrecht. Eerste Deel, Kampen, J.H. Kok, 1928.

11. BRILLENBURG-WURTH. Het christelijk leven in huwelijk en gesin. Kampen, J.H. Kok, N.V., MCMLX, 2de druk, 1951.

12. CITIZENS GROWING UP AT HOME, IN SCHOOL AND AFTER. Published for the Ministry of Education. Pamphlet no. 16, London, His Majesty's Stationary Office, 1949.

13. COETZEE, J.C. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1953.

14. COETZEE, J.C. Skool, huis, kerk, staat. Koers in die krisis, artikels versamel deur die federasie van die Calvinistiese stu= dente verenigings in Suid-Afrika. Deel I. Stellenbosch, pro Ecclesia, 1941.

15. COLLIER, K.G. The social purpose of education. Personal and social values in education. London, Routledge and Kegan Paul, 1965.

16. CRONJE, G. & VENTER, J.D. Die patriargale familie. Kaapstad en Pretoria, H.A.U.M., 1958.

17. CUBER, J.F. Sociology. A synopsis of principles. Sixth Edition, New York, Appleton-Century-Crofts, Inc., 1951.

18. CURTIS, H.S. Education through play. New York, MacMillan Co., 1922.

19. DAVIS, V. The school idea, ancient and modern. London, George Allen and Unwin Ltd., 1931.

20. Die Bybel.

21. DEMANT, V.A. God man and society. London, Student Christian Movement Press, 1933.

22. DENGERINK, J.D. Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "souwereiniteit in eigen Kring" in de 19de en 20ste eeuw. Kampen, J.H. Kok, 1948.

23. DOBINSON, C.H. Education in a changing world. Oxford, Clarendon Press, 1951.

24. DOOYEWEERD, H. Verkenningen in de wijsbegeerte, de sociologie en die rechtsgeschiedenis. Amsterdam, Buyten en Schipperheyn, 1962.

25. DUVENHAGE, A.P.C. Verdowingsmiddels. Die kerkblad van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, jaargang 73, nr. 2055, Potchefstroom, Noordbrug, 1970.

26. ELOFF, D.J. Enkele aspekte van die sosiologie as struktuurfunksionele teorie van die samelewing. Potchefstroom, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, 1963.

27. Encyclopedia of religion and ethics. Vol. 1. New York, Charles Scribner's Sons, 1908.

28. FAIRCHILD, H.P. Dictionary of sociology and related sciences. Patterson, New Jersey, Littlefield, Adams & Co., 1962.

29. FAIRCHILD, H.P. General sociology. New York, John Wiley & Sons, 1934.

30. FARRELL, H.P. An introduction to political philosophy. London, Longmans, Green and Co., 1917.

31. FISKE, G.W. The changing family. Social and religious aspects of the modern family. New York, London, Harper and Brothers Publishers, 1928.

32. FOURIE, R. 'n Sosiologiese beskouing oor die plek en taak van die kerk in die samelewing. Potchefstroom, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, 1962.

33. FRANCIS, E.K. Inleiding tot de sociologie. Antwerpen, Het Spectrum, 1965.

34. GILLEN, J.L. & BLACKMAR, F.W. Outlines of sociology. New York, MacMillan, 1928.

35. GREEN A.W. Sociology. An analysis of life in modern society. New York, Toronto, London, McGraw-Hill Book Co. Inc., 1960.

36. GROENEWALD, E.P. Die kerk en die ekumeniese bewegings. Pretoria, Verslagnommer 4, 1952.

37. HABERMEHL, D.N. Ons dagelijks werk. De christen in de industrie. Kampen, Uitgeversmij., Kok N.V., 1959.

38. HÄRING, B. Sociologie van het gezin. Utrecht/Antwerpen, Het Spectrum, 1954.

39. HAVIGHURST, R.J. & NEUGARTEN, B.L. Society and education. Se= cond Edition, Boston, Allyn and Bacon, Inc., 1962.

40. HOBHOUSE, L.T. Social development. Its nature and conditions. New York, Henry Holt & Co., 1924.

41. HOLDT, A.E. The fate of the family in the modern world. Chicago, New York, Willett Clark & Co., 1936.

42. JEFFREYS, M.V.C. Personal values in the modern world. Harmonds= worth, Middlesex, Pelican Books, 1962.

43. KANE, J.J. Marriage and the family. New York, The Dryden Press, 1952.

44. KENKEL, W.F. The family in perspective. A fourfold analysis. New York, Appleton-Century-Crofts Inc., 1960.

45. KEYTER, J. de W. Die huwelik en gesin. Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk., 1940.

46. KIRKPATRICK, C. The family. As process and institution. New York, The Ronald Press Co., 1965.

47. KOENIG,S. HOPPER,R.D. & CROSS, F. Sociology. A book of readings. New York, Prentice-Hall, Inc., 1953.

48. KRUYT, J. Onkerklikheid in Nederland. Groningen, 1933.

49. KUYLAARS, A.M. Werk en leven. Leiden, Stenfert & Croese, 1951.

50. LAPIERE, R.F. Sociology. New York and London, McGraw-Hill Book Co. Inc., 1946.

51. LAUWERS, F. Inleiding tot de sociale wijsbegeerte. Antwerpen, T. Groeit, H. Nelissen - Bilthoven, 1950.

52. LEVY, M.J. The structure of society. Princeton, New Jersey, Princeton University Press, 1952.

53. LINTON, R. The cultural background of personality. London, Rout= ledge & Kegan Paul, 1947.

54. LOEDOLFF, J.F. & LOUW, D.A. Dwelmmiddels: Wat, hoe en waarom. Johannesburg, McGraw-Hill, 1972.

55. LUNDBERG, G.A., SCHRAG, C. & LARSEN, O.N. Sociology. Third Edi= tion, New York, Harper & Row Publishers, 1962.

56. MACIVER, R.M. & PAGE, C.H. Society. An introductory analysis. London, MacMillan Co., 1955.

57. MACIVER, R.M. The elements of social science. London, Methuen & Co. Ltd., 1931.

58. MANNHEIM, K. Diagnosis of our time. London, Routledge & Kegan Paul Ltd., 1950.

59. MIHANOVICH, C.S., SCHNEPP B.G.J. & THOMAS, J.L. Marriage and the family. Milwaukee, United States of America, Bruce Publishing Co., 1952.

60. NASH, J.B. Philosophy of recreation and leisure. London, Kimpton, 1953.

61. NIXON, E.W., & COZENS, F.W.An introduction to physical education. Philadelphia, Saunders, 1947.

62. OGBURN, F. & NIMKOFF, M.F. A handbook of sociology. London, Routledge and Kegan Paul Ltd., 1947.

63. OTTAWAY, A.K.C. Education and society. An introduction to the sociology of education. London, Routledge and Kegan Paul Ltd., 1960.

64. PIETERSEN, L. Sociologie van de sport. Utrecht-Antwerpen, Uit=geverij Het Spectrum, 1961.

65. RÖPKE, W. The social crisis of our time. London, William Hodge & Co. Ltd., 1950.

66. RÖPKE, W. Civitas humana. A humane order of society. London, Edinburgh, Glasgow, William Hodge & Co. Ltd., 1948.

67. ROSE, A.M. Sociology. The study of human relations. Second Edition, New York, A. Knopf, 1957.

68. SCHULER, E.A.,GIBSON, D.L. FIERO, M.L. & BROOKOVER, W.B. Outside readings in sociology. New York, Crowell Co., 1953.

69. SMIT, C. Ontspanning en die gesin in Lantern, April - Julie 1960, Pretoria, Staatsdrukker, 1960.

70. SPIER, J.M. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee. Kampen, J.H. Kok. N.V., 1938.

71. STATISTIESE JAARBOEK. Uitgegee op Gesag. Pretoria, Die Staats=drukker, 1966.

72. STRATING, H.H. Wangedrag van dogters. Kaapstad/Pretoria, H.A.U.M., 1961.

73. SWEEDLUN, V.S. & CRAWFORD, G.M. Man in society. Vol. III, New York, American Book Co., 1956.

74. THERON, J.A.L. Enkele grondvrae in die bedryfsosiologie. Potchefstr Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, 1962.

75. TÖNNIES, F. Community and association. (Gemeinschaft und Ge= sellschaft). Translated and supplement by C.P. Loomis. London, Routledge and Kegan Paul, 1955.

76. TIMASHEFF, N.S. & FACEY P.W. Sociology. An introduction to sociological analysis. Milwaukee, The Bruce Publishing Co., 1949.

77. TOTIUS. Voorwoord. Uit Vroue-Harte, F.C.S.V.- publikasie, S.A.C.U.M., Bloemfontein, Sentrale Pers, s.j.

78. VAN DER LINDE, H.B. Van nummer tot mens. Arnhem, Vuga-Boekerij, 1962.

79. VAN DER MERWE, D.G. 'n Sosiologiese ondersoek na die gesinslewe van die stad Germiston. Pretoria, ongepubliseerde D.Phil.-proef= skrif, 1963.

80. VAN DER WALT, J.P. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die op= koms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool. Potchefstroom, Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, 1959.

81. VAN DER WALT, J.P. Die plek van sekere geesteswetenskappe, met be= sondere verwysing na die plek van sosiologie in die opleiding van onderwysers. Potchefstroom. M.A. -verhandeling, 1952.

82. VAN DER WESTHUIZEN, J.G.L. 'n Ondersoek na bepaalde persoonlikheids= verskille tussen kosgangers en dagskoliere aan hoërskole in Suidwes- Afrika. Potchefstroom, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, 1965.

83. VAN DIJK, R. Mens en medemens. Een inleiding tot de algemene sociologie. Tweede druk, Wageningen, N.V. Gebr., Zomer & Keunings Uitgevers-Mij., s.j.

84. VAN DIJK, R. Vrijheid en gebondenheid van de mens in de samenle= ving. Wageningen, N.V. Gebr., Zomer & Keunings Uitgeversmij., s.j.

85. VAN KATWIJK, D.J. & MEIMA G. Beknopte bijbelse archeologie voor gymnasia, hogere burgerscholen en kweekscholen. Bewerkt door Dr. A. van Duusen, Groningen, J.B. Wolters, 1963.

86. VAN RIESSEN, J.H. Roeping en probleem der techniek. Kampen, J.H. Kok, N.V., 1952.

87. VAN RIESSEN, Ir. H. De maatschappij der toekomst. Vierde uitge= breide druk, T. Wever-Franeker, 1957.

88. VENTER, J.J. Die samelewingskrisis. Die vraagstuk van gemeenskap. 'n Sosiologiese studie. Potchefstroom, Ongepubliseerde M.A.-verhan= deling, 1965.

89. WAND, J.W.C. The church today. St. Pauls, Penquin Books, Spottis= woode, Ballantyne & Co. Ltd., 1960.

90. WATERINK, J. Theorie der opvoeding. Tweede druk, Kampen, J.H. Kok. N.V., 1958.

91. WINN, R.B. Encyclopedia of child guidance. New York, Philosophical Library, 1943.

92. ZNANIECKI, F. The method of sociology. New York, Farrar & Rinehart, Inc., 1934.

93. ZWEIG, F. Planning in een vrije maatschappij. Utrecht, N.V., A. Oosthoek's Uitgevers-Maatschappij., 1949.

*****************************